



ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Die teenstelling al duideliker! Waar staan Christene?

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- ◆ Christelike opvoeding,
- ◆ Christelike onderwys en
- ◆ Christelike wetenskap

“Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” (2 Tim. 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.” (Spreuke 1:7)

“Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” (Matteus 28:18-19).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

SKRIFLIG

Ds C Bester

Matt. 11 – ¹⁸ “... Toe sy moeder Maria verloof was aan Josef, voordat hulle saamgekom het, is sy swanger bevind uit die Heilige Gees.”

– ²⁰ “... wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees, ...”

– ²¹ “en sy sal ’n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.”

Jesus Christus, onse Here, is nie maar eers aan die einde van sy aardse leeftyd om ons ontwil verneder en onderwerp aan lyding nie. Inderdaad weet ons uit sprake soos Efesiërs 1 dat hierdie droewige geskiedenis al “voor die grondlegging van die wêreld” (vers 4) vasgelê is in die heilige en onveranderlike Raadsplan van die Drie-enige God.

Die begrip “in die volheid van die tyd” wys ook daarop dat die goddelike beplanning volgens die volmaakte bedoeling van God ontvou het deur die loop van die aardse geskiedenis.

Goddelike vrymag en keuse –

As die enigste bron van oorsprong van die evangeliese heilsplan was dit God se reg om op enige dag die ondankbare en verraderlike mens aan homself en sy selfvernietiging oor te laat. Daar is geen enkele prestasie waarom die Heilige God ’n uitredding vir die mensdom moes bewerk het nie! Die deurvoering van die Godsbesluit tot redding van sy volk was suiwer en alleen deur die werksaamheid van sy Goddelike liefde. Hierdie werkende liefde word ook meermale genoem: GENADE. Die ewige God bly, soos ALTYD, Homself en sy Godsbesluit getrou.

Wanneer die engel dus in Matteüs 1 die Mensekind se geboorte en Naam kom

boodskap, is dit op God se bepaalde mikrosekonde van tydskerekening. Die wêreld, en sy volk, het nog nooit die Verlosser so nodig gehad as juis toe nie ... en die aangewese Verlosser neem VRYWILLIG sy vernederende en pynlike verlossings-taak op sy skouers.

Onomkeerbaar op die Messias-pad –

Die aankondiging in Matteüs 1 bevestig tweemaal dat Jesus se volledige en volmaakte menswording, ’n Godsdaad, ’n wondergeboorte was. Daarbenewens was die doel met sy menswording, om

Vervolg op bl. 2

IN HIERDIE UITGAWE

Perspektiewe op die huwelik.....3

Charismate en gereformeerdes.....6

Calvinistiese lewensbeskouing7

Evolusie in die lig9

Etnisiteit herbedink12

UV-leuse15

Onderwys en die regering19

Kongres in September

Die September-kongres word hiermee graag onder die aandag van ons lede en alle belangstellendes gebring. Daarom tegelyk die oproep dat die datum(s) deur u uitgehou sal word, spesifiek met die oog op die bywoning daarvan. Dit word reeds in hierdie stadium bekendgemaak dat die kongres op 16/17 September D.V. gehou sal word, ten einde daaraan te herinner dat u dit onverwyld in u dag-boeke sal aanteken.

Ons is besonder gesteld op die lede-bywoning van kongresse. Dit is nie net dat daar voordragte gelewer en lede tot die hoofbestuur verkies word nie, maar die kongresse is die stukrag agter die voortgang van ons vereniging. Die konkrete ondersteuning van ons lede deur middel van hulle bydraes (mosies en besluite) en hulle deelname aan die gesprekke is, wat die hoofbestuur betref, onont-

beerlik. Daardeur word 'n beeld gevorm van hoe ons lede die gebeurlikhede van ons tyd evalueer en word hulle gedagtegang verneem oor wat ons vereniging se modus operandi in heersende omstandighede behoort te wees. Sodoende kan verseker word dat ons vereniging met doelgerigheid optree in belang van die uitvoering van ons missie en dat sodanige optredes deur doeltreffendheid gekenmerk word. Hou in gedagte dat dit u bydraes is wat so in die beste belang van die saak waarvoor gestry word bestuur moet word, of dit finansiële is of van watter ander aard ookal. Ons lede het daarom die volste reg en plig om hulle stemme tydens kongresse te laat hoor en tel, maar dan word van hulle verwag om aan te meld.

Ons kan daarom nie genoeg nadruk daarop plaas nie dat soveel van ons lede as wat maar enigins

kan die kongresse – ook dié soos aangekondig – sal bywoon. Natuurlik is lede welkom om temas of onderwerpe vir bespreking voor te stel vir oorweging deur die hoofbetuur, mits dit net betyds deurgegee word, d.w.s. nie later nie as einde Mei. Daar is veel waarvoor gestry moet word, ter wille van Christelike onderwys. En ons hoef nie daaraan te herinner dat ons inderdaad in uitdagende tye lewe nie.

Daarom aan u, geagte lid, 'n dringende oproep, dat u werklik die dag en datum vir die bywoning daarvan sal opsyt. Ons maak gevolglik staat op ons lede, óók sodat wat die aanbieding van hierdie kongres betref, dit met u volle ondersteuning gedoen sal kan word.

Die besonderhede van die plek, tema en inkleding word in die volgende uitgawe bekendgestel, solank u net seker maak u teken die datum(s) intussen aan.

- Red.


Vervolg van bl. 1

“Sy volk” – hulle wat aan Hom gegee is (o.a. Efesiërs 1 en Johannes 6:37-44) tot die laaste een toe volmaak te verlos.

Hierdie Jesus is ewig God. Nooit vir 'n oogwink is Hy minder as dit nie. Om onder my las en u las te kon inbuk moes Hy soos ons word om in te pas onder die vraag wat 'n mens verplig is om te dra vanweë sy sonde. Daarom begin sy ver-

nederig alreeds met sy vrywillige aanbod om 'n gewone skepsel se lewe op Hom te neem, met volmaakte oorwinning oor elke sonde en versoeking. Hierdie pad van die skepsel het Hy geloop tot in die hel van Godverlatenheid onder ons vloek. So het Hy die volle losprys gekoop met sy liggaam en bloed ...sodat elkeen wat dit van Hom aaneem as sy liefdesgeskenk, sodoende 'n kind van God kan word (Joh. 1:12) – vir ewig.

Hierdie Jesus is die Dienaar, maar tegelyk die Here van die Paasgebeure. Net in Hom setel die lewensherkeping vir sy volk, en net Hy kan vir die sondaar sê: “Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees” (Luk. 23:43).

Geagte Leser, mag ons elkeen hierdie ervaring ken en met dankbare oorgawe en toewyding oortel. Mag elke dag vir u 'n Goeie Vrydag, in Jesus, wees. 

Tannie Elize



In ons uitgawe van Des. 2000 is oor die uittrede van Elizabeth Maria Cronje, of 'tannie Elize' soos sy onder ons bekend was, berig: Dit was na net meer as 30 werkjare, waartydens sy haar in diens van ons Vereniging onderskei het. In Desember 2010 het ons die berig oor haar oorlye ontvang, na 'n stryd teen kanker. Tannie Elize is op 6 Desember oorlede. Tydens haar oorlye het sy en haar man, Piet, wat haar getrou bygestaan het, in Pretoria gewoon, waarheen hulle na hul aftrede verhuis het. Daar het tannie Elize haar laaste jare in die vreugdevolle nabyheid van haar kinders deurgebring,

voordat sy na haar finale rusplek verhuis het. Haar troos het sy in Psalm 23 gevind: “Die HERE is my herder; ...”

Ons het destyds soos volg oor haar berig:

“Daar word gesê dat geen mens onmisbaar is nie, maar ons wil verklaar dat Elize se vertrek beslis 'n leemte sal laat wat moeilik gevul sal kan word. Met haar kenmerkende toegewydheid teenoor haar werk, veral haar verantwoordelike administrering van die geldsake en instandhouding van die lede-databasis, het sy haar as werknemer van die VCHO onderskei en kon lede gerus wees dat dit in goeie hande is.”

Ons eer haar nagedagtenis nie net as 'n oud-VCHO-werknemer nie, maar ook iemand wat vir ons veel eerder gedurende haar dienstryd 'n ware moederfiguur geword het. Ons betuig hiermee graag ons innige leedwese met haar man, dogters en kleinkinders.

- Red.

Die huwelik: Perspektiewe uit drie Skrifgedeeltes - deel 1

Prof. P.J. Strauss, Fakulteit Teologie, UV

1. Skrifgebruik

Die gebruik van die Bybel vir prinsipiële perspektiewe op die huwelik verbaas nie. Onder gereformeerde Christene loop daar 'n breed aanvaarde opvatting dat die Bybel die heilige en onfeilbare Woord van God is. Verder ook dat die Bybel onfeilbaar is in sy oordra van God se Boodskap aan die mens en in die deurgee van breë kontoere vir die Christelike lewe (Heyns, 1992:79).

Dit beteken dat die Bybel 'n *tendensboek* is. Die gesag en betroubaarheid van die Bybel lê in sy "bedoeling".¹ Dié bedoeling is om 'n "heldere en magtige" boodskap by die mens te kry. Dit is 'n Boodskap wat gemik is op God se lewensomvattende verlossing en vernuwung in Christus deur die Heilige Gees (Heyns, 1973:145-147). En hoewel dié proses met die historiese, kulturele en geografiese omstandighede ("*Sitz im Leben*") van destyds verweef is, stuit dit ook op God se kosmiesomvattende wet wat die geskape werklikheid in sy verskeidenheid moontlik maak én bepaal. Daarom dat Skrifgedeeltes aspekte van hierdie wet impliseer of uitwys. Skrifgedeeltes veronderstel dié wet van God, sonder om alles uit te spel.²

Die oortuiging dat die Bybel nie 'n etiese en gedetailleerde handboek vir elke faset van die lewe is nie, moet teen hierdie agtergrond verstaan word. Heyns voer aan dat die Bybel nie alles oor alles sê nie, maar iets oor alles. Dat die Bybel die mens oproep om as nuwe mens "in Christus" met sy "hele hart" as die sentrum van sy totale bestaan, in diens van God te lewe (Heyns, 1992:101).

Daarom dat die nuwe lewe in Christus die hele lewe, waaronder ook die huwelik, omvat.³ Dit beteken dat die nuwe lewe in Christus 'n gegewe, maar ook 'n opdrag – in alle omstandighede – is.⁴ Die drie Skrifgedeeltes wat in hierdie artikel aandag kry, bring duidelike perspektiewe op die huwelik na vore. Die klem in hierdie artikel val uitsluitlik op perspektiewe. Die eksegetiese proses funksioneer op hierdie agtergrond en word nie stap vir stap aangetoon nie.

Die Bybel as 'n tendensboek is nie in 'n wetlose skepping of kulturele lugleegte gevorm nie. Soos dit mettertyd sal blyk, word die struktuur wat God in sy skeppingswet vir die huwelik gegee het, soms versluierd, soms meer openlik aangetoon.

2. Deuteronomium 22:13-30: inleidend

Die fokus is hier op seksuele verhoudinge of voorvalle tussen 'n man en 'n vrou voor of buite die huwelik. Dit vorm deel van God se "voorskrifte" of "bepalings" of "gebooue" (vgl. Deut. 6:1-3) vir 'n orde-like, wetsgehoorsame gemeenskap⁵ en so van hulle nuwe lewe van gehoorsaamheid aan God. 'n Gehoorsaamheid wat verbind word aan Deut. 6:4 waarin die koninkryke van Juda en Israel in dié "tweede wetboek" (of deuteronomium)⁶ tydens en ná die hervormings onder Koning Josia van Juda in 622 vC (Vriezen en Van der Woude, 1973:192)⁷, opgeroep word om die Here, "ons God" ('n verbondsuitdrukking, PJS) "die enigste Here", te dien met "hart en siel en al jou krag". 'n Oproep gegrond op die heilsfeit van Deut. 5:6 waarin Israel hoor dat "die Here hulle God" hulle uit Egipte, die plek van slawerny verlos het, van hulle gemaak het wat hulle is, en gebring het waar hulle is. Dat hulle die Here as Verbondsgod⁸ wat Homself uit liefde en genade en nié vanweë enige voortreflikheid aan hulle kant nie, aan hulle verbind het, as antwoord óók met hart en siel moet liefhê en dien.

Die inleidende woorde van God se verbondswet "Ek is die Here jou God ..." gee die rede waarom die Here reg het op die onverdeelde trou van Israel. Dit verklaar waarom sy perspektiewe op die huwelik, soos sy verlossing uit Egipte, óók verlossend en bevrydend is. Hierdie rede word uit 'n ander hoek bevestig deur Deut. 7:7 en 8 wat God se keuse vir Israel grond op sy liefde en beloftes en nie op die wanopvatting dat Israel "groter was as die ander volke nie". Wat Deuteronomium betref, was Israel "die kleinste van almal".

Die doel van Deuteronomium as 'n boek wat in priesterlike en profetiese

kringe versorg is, is om Moses-toesprake van vroeër en profete-uitsprake uit die 8ste eeu voor Christus vir reformasie in die 7de eeu in Israel en Juda aan te wend.¹⁰ Om Israel met hart en siel, al hulle kragte en hulle hele lewe opnuut aan God en sy eer te bind (Ridderbos, 1963:6 -7; Vriezen & Van der Woude, 1973:192).

In Deuteronomium 22:13-30 word die volgende ongeoorloofde "betrekkinge" rondom die huwelik uitgewys.

2.1 Deuteronomium 22:13-30: ongeoorloofde betrekkinge

Verse 13-21 behandel die geval van 'n man wat met 'n vrou trou en na geslagsgemeenskap 'n afkeer aan haar ontwikkel en van haar ontslae wil raak. Die strategie wat hy gebruik is om haar "n slegte naam" te probeer gee, ten einde vir homself 'n gangbare rede te kry om haar te los. Die slegte naam word gekoppel aan die bewering dat sy nie meer 'n maagd was toe sy met hom getroud is nie. As verweer moet haar ouers – as haar verdedigers (Von Rad, 1966:142) – die nagklere wat sy met hulle eerste seksuele gemeenskap aangehad het en as bewys van haar onskuld bebloed is met haar maagdelikheid¹¹, aan die oudstes van die stad wys. Hulle is die regters in die saak. Hou die man se bewerings water, moet sy gestenig word by die voordeur van haar pa se huis.¹² "Sy moet sterf omdat sy 'n ongehoorde ding in Israel gedoen het deurdat sy met 'n man geslagsgemeenskap gehad het terwyl sy nog ongetroud was" (Deut. 22:21, my kursivering, PJS) Is die man se bewerings vals en sy onskuldig, moet hy met 'n sweep geslaan en met elf honderd en veertig gram silwer beboet word. Die boetegeld kom haar pa toe, omdat die man haar as sy dogter en verantwoordelikheid 'n slegte naam in Israel laat kry het. Verder moet sy sy vrou bly. Die man mag haar nie skei nie.

Vers 22 het dit oor 'n man wat met 'n ander man se vrou gemeenskap het. Indien hulle betrap word, moet altwee

Vervolg op bl. 4

Vervolg van bl. 3

doodgemaak word. Dit gaan immers, aldus Deuteronomium 22, oor “hierdie soort kwaad” wat in Israel uitgeroei word.

Verse 23 tot 27 handel oor die geval wanneer ’n man met die verloofde van ’n ander man seksuele gemeenskap het en sy ook toestem. Altwee moet by die stadspoort as die plek van regspraak deur die oudstes (Ridderbos, 1964:43), gestenig word. Indien die verloofde meisie haar egter verset en skreeu, moet net die man sterf. Sy verdien dit nie, omdat niemand haar in haar verset gehoor en gehelp het nie. In haar geval is dit soos wanneer “*n man iemand gryp en ver-moor*”. Sy word skynbaar as ’n *verkragte* beskou, terwyl die *verlowing destyds met ’n belofte van trou of ’n huweliksluiting gelyk gestel is* (Ridderbos, 1964:44: telkens die skrywer se kursivering, PJS). Hierdie geval word dus op dieselfde vlak geplaas as die een in vers 22.

Verse 28 en 29 raak seksuele gemeenskap tussen twee ongetroudes wat nie deur verlowing of huweliksluiting reeds aan iemand anders toegesê is of behoort nie. Hulle móét trou en hy moet haar pa vyfhonderd en sewentig gram silwer gee, omdat hy haar “onteer” het. Hulle mag nooit skei nie. Eksodus 22:17 gee aan die pa van die meisie die reg om te weier dat sy trou, omdat ontering die man skynbaar geen reg op die meisie gee nie.

Vers 30 verbied ’n seun om met sy pa se vrou te trou of met haar gemeenskap te hê. Skynbaar word die dood van die pa hier veronderstel. Elders (Gen. 35:22; Lev. 18:6vv) word so ’n verhouding of huwelik as bloedskande beskou.

2.2 Deuteronomium 22:13-30: perspektiewe op die huwelik

In Israel met ’n strafregstelsel wat in sy straf nog die minder verdiepte “oog vir ’n oog”-benadering volg, word eerbied vir die huwelikstruktuur as instelling van God gehandhaaf. Die meer primitiewe aard van die stelsel lei egter daartoe dat die doodstraf op oortredings van die struktuur-beginsels van die huwelik toegepas word. Dit behels ’n straf wat in ’n moderne, ontwikkelde strafregstelsel wat op regsherstel ingestel is, ondenkbaar is.

Anders as wat moontlik verwag kan word, word die straf in Ou-Israel nie tot

die *vrou as minderbevoorregte persoon* in die gemeenskap of as onderhorige van die man beperk nie. Laasgenoemde word ook gestraf: soms óók met stening. Geslagsgemeenskap buite die huwelik is vanuit die hoek van die betrokke vrou én man beskou, in Israel onaanvaarbaar. Daarmee “onteer” hy haar. Dit is sonder onderskeid ook ’n “ongehoorde ding”, “slegte gedrag” en ’n “soort kwaad” wat jou ’n “slegte naam” besorg. Daar is geen aanduiding dat die man hierin meer “vryheid” – tot ongehoorsamheid – as die vrou het nie en dat dieselfde beskrywing van die daad nie ook op hom van toepassing is nie.¹³

’n Deurskou van Deuteronomium 22:13-30 skep die totaalindruk dat *geslagsgemeenskap tot die huwelik beperk* is. Selfs die liefdestoesegging by die verlowing kan nie hieraan verander nie. Immers: watter nut het die huwelik dan as jy deur verlowing of persoonlike liefdesverklarings in elke geval soos getroudes kan leef?

Deuteronomium 22 handhaaf die beginsel van *liefdestrou in die verlowing sowel as die huwelik*. Hiervolgens is ’n wettige huwelik en die liefdestoesegging of -belofte deur die verlowing *afsprake* wat in die gemeenskapsorde erken en deur die howe (die leiers of oudstes) be-reg kan word. Gebou op erkende regs-beginsels by ’n verlowing of ’n huwelik kan die gemeenskap of howe paartjies wat oortree, teen mekaar beskerm of tot orde roep.

“Móét-trou” is ’n noodwendige regsgevolg van geslagsgemeenskap (sonder dat die vrou swanger hóéf te wees!) omdat laasgenoemde alleen in die huwelik toegelaat word. Geslagsgemeenskap tussen een man en een vrou word beperk tot die huwelik of – by ’n oortreding hiervan – gekanaliseer na die huwelik. In beide hierdie gevalle is die huwelik ’n bron van emosionele en regsekuriteit vir die intiemste daad tussen ’n man en ’n vrou én vir die gevolge – fisiek, biologies en emosioneel – daarvan. Dit is ’n instelling wat deur die gemeenskap erken en beskerm word.

In Deuteronomium 22 is liefdestrou egter nie ’n vereiste wat slegs nagekom moet word op grond van ’n verklaarde liefdesgevoel nie. Dit is ook die erkende konsekwensie van ’n belofte wat by

verlowing of huweliksluiting gemaak is. As norm geld hier: Jou woord is jou eer. Daarom die refrein: “*Hy mag nooit van haar skei nie*”¹⁴ (my kursivering, PJS). Die feit dat egpare trou by huweliksluiting belowe én daaraan gehou word, help hulle beskerm teen ontrouheid in hulle eie huweliksliefde. As niks anders hulle meer keer nie, kan hulle erewoord in hierdie konteks hulle van ontrou weerhou. Met die uitgangspunt: “Ek bly getrou aan my liefde deur ‘dik en dun’ omdat ek belowe het ...”

God rus sy kinders deur sy Woord en sy Gees toe vir die nuwe lewe in Christus en daarom ook vir huwelikstrou. Die feit dat *Hy nooit aan ons ’n opdrag gee waarvoor Hy ons nie eers toerus nie*, geld ook hier. Hy sal nie van ons verwag om nié eg te breek nie as Hy dit nie vir ons vooraf moontlik maak om nié eg te breek nie.

Aangesien Deuteronomium 22:13-30 oor seksuele wandade handel, word al die kante van owerspel en egbreuk nie belig nie. Dit is egter duidelik dat geslagsgemeenskap met die eggenoot of verloofde van ’n ander – met of sonder die toestemming van dié een – swaarder gestraf word as die vrywillige “oor-die-tou-trap” van ’n ongebonde man en ’n ongebonde vrou. Beide die man en die vrou in eersvermelde geval moet na egbreuk gestenig word (Ridderbos, 1964: 42 stel dit prontuit dat die doodstraf op egbreuk volg).

As ’n man en ’n “loslopende” meisie – ook met haar toestemming – gemeenskap het, gryp hy onwettig vooruit na die huwelik. Hy skuld haar pa ’n boete omdat hy haar onteer en hy moet met haar trou. As ’n hy of ’n sy egter seksueel verkeer met die getroude of verloofde van ’n ander, word hulle gestenig. As ’n sy voorhuwelikse geslagsgemeenskap met iemand gehad het, maar eventueel met ’n ander een trou, word sy ook gestenig. In Ou-Israel was dit ’n ongehoorde daad.

2.3 Deuteronomium 22:13-30: die vrou se regte

Interessant genoeg gee Deuteronomium 22 ook aan die benadeelde vrou – in terme van huwelikswetgewing – sekere

Vervolg op bl. 5

Vervolg van bl. 4

regte. In sy geheel word sy en die man in terme van straf of vergelding gebind aan die herstel of instandhouding van die huwelikstruktuur. Ridderbos (1964:42) wys daarop dat man en vrou voor die destydse huwelikswet nie in alle opsigte gelyk was nie, omdat hy meer as een vrou kon hê, maar sy tot een man beperk is. Die oorwig van die inisiatief vir seksuele oortredings lê egter duidelik by die man, omdat die vrou vanweë haar minderwaardige posisie in die samelewing eenvoudig nie in dieselfde "bevoorregte nie-bevoorregte" posisie was nie!

'n Man wat sy nuwe vrou vals van voorhuwelikse geslagsgemeenskap met iemand anders beskuldig, moet met 'n sweep geslaan en beboet word. Sy leuen is nie 'n oortreding van dieselfde graad as voorhuwelikse seks of seksuele owerspel nie. Op haar beurt word sy van alle blaam vrygestel en haar goeie naam beskerm, máár sy moet sonder keuse sy vrou bly. Blykbaar omdat sy met hom getroud is en hierdie soort probleem nie 'n huwelik ongeldig maak of noodwendig vernietig nie. Net so moet die "verkrachte" meisie wat haar verset het, ongestraf bly, omdat sy "niks gedoen het wat die dood verdien nie". In altwee gevalle is geregtigheid na aanleiding van onskuld, op die vrou van toepassing.

'n Nie-verloofde meisie wat toestem tot geslagsgemeenskap met 'n man van dieselfde status, kan regtens daarop aanspraak maak dat hy die skuld vir haar ontoring, soos dit hier genoem word, by haar pa betaal en met haar trou. Die feit dat sy en hy niemand anders benadeel nie, dien tot haar voordeel. Maar, hulle geslagsgemeenskap beteken ook dat albei vooruit en onwettig gryp na 'n huwelik wat nog nie bestaan of op 'n gemeenskapserkende wyse gesluit is nie. Daarom móét hulle trou en hulle situasie na "normaal" herstel word.

Opgesom trek Deuteronomium drie groot kontoere vir die huwelik in eietydse terme en omstandighede:

(1) Die eerste is dat geslagsgemeenskap tot die huwelik beperk, en as 'n natuurlike uitvloeiende daarvan beskou, word. Die huwelik bied nie net regsekuriteit vir hierdie daad nie, maar ook vir die versorging van die kinders wat hierdeur verwek kan word.


(2) Die tweede is dat huwelikstrou ook gekoppel word aan 'n trou bly aan die woord of belofte wat die egpaar by huweliksluiting gegee of – in die geval van die vrou – ten minste geïmpliseer het. Hierdie trou kan hulle help om 'n gebarste huwelik in moeilike en verdorwe tye te herstel en te laat slaag.

(3) Die derde is dat 'n verlowing of huweliksluiting tussen 'n man en 'n vrou 'n simboliese kennisgewing vir derdes na buite opsit: "Hande aff!" iets soos 'n eiendomsreg wat 'n soortgelyke reg van derdes uitsluit, kan hierin gelees word. Maar, ter wille van die moontlikheid van sonde van die egpaar teen hulle eie huweliksliefde, word die verlowing en sluiting van die huwelik deur die reg van die samelewing as "derde" erken. Hierdie reg kan dit teen onreg of "kwaad" help beskerm. **(Die tweede deel van hierdie bydrae handel oor die boek, Hooglied, in 'n volgende uitgawe – Red.)**

- 1 Du Toit, 1970, pleit dat daar deeglik na die Skrif geluister en na sy bedoeling gevra word. Heyns voer aan (1992:101) dat die gesag van die Skrif in sy bedoeling lê en "onlosmaaklik" aan sy Boodskap verbonde is.
- 2 Psalm 72 sluit byvoorbeeld 'n gebed vir die koning van Israel in by sy troonsbestyging op God se eis (wet of norm) dat die staat (hier versimboliseer deur die koning) die reg najaag in sy regering. Psalm 148 praat van die natuur (en die mens, PJS) vir wie God 'n orde neergelê het "waarbuite hulle nie kan beweeg nie".
- 3 Vgl. Efesiërs 4:17vv, Kolossense 3:18vv ensovoorts.
- 4 Roberts verwys in sy kommentaar op Efesiërs na "diverse vermanings" oor die nuwe lewe, 1983:136. Hierdie vermanings volg

op God se verlossing tot die nuwe lewe. Die onderskeid is nie waterdig nie, daar is iets van beide aan altwee "kante", maar kan moontlik tog by 4:17 gemaak word. Dus loop die gegewe verlossing van 1:1 tot 4:16 en die opdrag tot 'n nuwe lewe van 4:16 tot 6:24.

- 5 Vgl. die opskrif toegevoeg aan die gedeelte in die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling. Skrywers is dit eens dat hoofstukke 12 -26 as 'n versameling verbondsvorskrifte gerig op diens aan Jahwe as die enigste Here (Von Rad, 1966:89) of besondere wette (Ridderbos, 1964:5) 'n eenheid vorm en deel is van poging om ou regsreëls van Israel vir die eie tyd te herinterpreteer en gereed te kry (Vriezen en Van der Woude, 1973:192; Van Zyl, 1975:214).
- 6 Die vertaling van 'n tweede wetboek word gekoppel aan Deut. 17:18-20, Ridderbos, 1963:5. Dit sou egter beter wees om daarvan as afskrifte of 'n heruitgawe van die "eerste" wet by Sinai, te praat. Van Zyl, 1975: 213-214.; Weiser, A 1961:126.
- 7 Vgl II Konings 22-23, Von Rad, 1966:27.
- 8 Vriezen en Van der Woude praat van Deuteronomium as "het Bondsboek", 1973:192.
- 9 Vgl Deut 5:6vv.
- 10 Vgl Van Zyl se beredenering in hierdie verband, 1975:221 en die van Weiser, 1961:132.
- 11 Arabiese bronne toon dat dit 'n gebruik in die Ooste was dat die ouers van die bruid hierdie kledingstuk na die eerste geslagsgemeenskap bewaar, Von Rad 1966:142.
- 12 Die plek van hierdie steniging maak haar vader se huis medeskuldig en verhoog die skande van haar daad naamlik "hoerery", Ridderbos 1964:43.
- 13 Teenoor J. Ridderbos wat tot die ongegronde gevolgtrekking kom dat die man vgl's Deuteronomium slegs egbreuk pleeg as hy hom aan die vrou of verloofde van sy naaste vergryp, 1964:42. Verse 28 en 29 toon aan dat geslagsgemeenskap met 'n meisie wat nie verloof is nie, haar oenteer.
- 14 Vgl. vers 19, 29.



Charismate en gereformeerdes verskil oor die Bybel – maak dit saak?

Ingrypende, radikale verskille

Charismatiese en gereformeerde leerstellings oor die mens en sy/ haar saligheid ens., is nie dieselfde nie. Die rede daarvoor is dat die mensbeskouing, soos deur die onderskeie denominasies gehuldig, van mekaar verskil. Nogtans grond altwee hulle besondere standpunte op die Bybelse gegewe. Die beskouinge verskil, deurdat die interpretasie van die Bybel oor wat en wie die mens is en hoe verlossing gebeur, verskil. Dit het implikasies vir hoe daar oor die mens en sy/ haar verbondenheid aan die kerk, oor wat geglo en bely word en oor die werklikheid in die algemeen, gedink word.

Na dertien jaar se navorsing het Siewert Wiid van Kimberley tot belangrike bevindinge geraak. Hy het sy navorsing op skrif gestel, ten einde die verskille wat daar bestaan, aan te teken en te sistematiseer. Dit het nou uitloop op 'n boek waarin die verskille omvattend behandel word.

Elkeen wat kerklik/ godsdienstig betrokke wil wees, neem 'n besluit daaroor, op grond van wat deur die besondere kerk waarby ingeskakel word, geleer word. Maar hoe Skriftuurlik is hierdie leer? Wat dit betref, veral dan die leer oor die mens, sy/ haar verlossing en saligheid en sy/ haar verhouding tot God-drieëinig. Die charismatiese en gereformeerde kerkleer verskil fundamenteel, soos die resultate van die navorsing aantoon. Die individu se besluit oor kerklidmaatskap is, in die lig

hiervan, 'n belangrike saak, aangesien dit bepaal word deur hoe en wat 'n persoon self oor sonde, verlossing, ens. dink en glo. Ten diepste handel dit oor hoe daar oor God gedink, en wat oor Hom geglo en bely word. Op die keper beskou is dit die aspirerende lidmaat se Skrif- en gevolglike mens- en werklikheidsbeskouing wat dit bepaal. Die gronde waarop charismate en gereformeerdes se beskouinge oor die mens en die werklikheid, kragtens Bybelse interpretasie, verskil, is derhalwe 'n saak waarvan deeglike kennis geneem moet word. Waarom is dit belangrik dat ek, as kerklidmaat, 'n waarheidsgetroue beeld oor hierdie sake moet hê?

Ek moet weet op grond waarvan en op welke wyse die verlossing langs die weg van die heilsorde van wedergeboorte, bekering, ens. van die mens plaasvind, ten einde seker te kan wees dat dit op 'n Bybels-korrekte interpretasie gegrond is. Dit het gevolge vir veral die ware verlossingsleer (soteriologie), naamlik hoe die heilswerk van die Here Jesus in 'n menselewe tot voltrekking kom, en hoe die verandering wat in so 'n mens se lewe gebeur, plaasvind. Die skrywer se bevinding is dat daar sulke radikale verskille tussen charismate en gereformeerdes deur die navorsing blootgelê word, dat dit nie geïgnoreer mag word nie. Dit is nodig dat mense daarvoor voorgelig word. Uiteindelik gaan dit oor geloofsekerheid, met die oog op die mens se ewige bestemming en toekoms. Hy skryf hieroor soos volg:

Seker dié belangrikste verskil

“Die mees belangrike verskil tussen charismate en gereformeerdes gaan oor die ontstaan van 'n mens se gees. Volgens die charismatiese leer is die mens se liggaam geskep, maar die gees is ongeskape en bestaan uit 'n gedeelte van God se Gees. Gereformeerde glo egter weer dat die liggaam, sowel as die gees van die mens, deur God geskep is, en daar is genoegsame Bybeltekste wat dit bevestig.

Hierdie verskil oor die gees van die mens ontketen 'n veeltal ander verskille. Dit kom ondermeer duidelik in die volgende na vore: (1) die skepping van die

mens; (2) die oorsaak van sonde; (3) die onderskeid tussen goed en kwaad; (4) die verskil tussen die Christen en Jesus; (5) die natuur van die mens vóór wedergeboorte en ná wedergeboorte; (6) hoe die mens verlos word; (7) hoe die mens regverdig word; (8) wat die genade van God beteken; (9) wat die doop beteken; (10) wat geestelike oorlog beteken en (11) wat die ewige lewe beteken.

Die meeste mense is hiervan onbewus, omdat daar weinig boeke is wat hierdie verskille ontleed en verduidelik. Daarom is besluit om 'n boek oor hierdie belangrike saak uit te gee. Let op die volgende voorbeeld: Vir charismate beteken die ewige lewe dat 'n mens God se soort lewe deelagtig word, m.a.w. deel kry aan die goddelike natuur. Vir gereformeerdes beteken die ewige lewe dat God se Gees wat in jou kom woon, jou menslike gees vernuwe deur die proses van heiligmaking.

Het u ook geweet dat charismate glo jou siel is jou ou mens en jou gees is jou nuwe mens, terwyl gereformeerdes glo dat siel en gees dieselfde mens is? Gereformeerdes glo dat jou ou mens slegs ou (sondige) neigings is – nie 'n aparte mens as sulks nie.

Wanneer u hierdie boek lees, sal u nog baie soortgelyke verskille teëkom. Daar is ongeveer 50 van hulle. Deur hierdie verskille te ken, kan 'n mens jou geestelike oordeelsvermoë verbreed en verskerp. Jy sal beter tussen dwaling en waarheid kan onderskei. Die leser sal verbaas wees om te sien hoe dieselfde Bybeltekste verskillend uitgelê word. Hierdie boek handel oor twee uiteenlopende uitlegte van die Bybel. Charismate skei goed en kwaad tussen gees en vlees. Gereformeerdes skei goed en kwaad tussen lig en duisternis, wat sowel die grense van die gees as die vlees oorskry. Dit is egter nie op God van toepassing nie, want Hy self is die Lig en in Hom is geen duisternis nie.

Hierdie boek gaan dus oor interpretasie sowel as grense. Dit is hieroor dat charismate en gereformeerdes van

Vervolg op bl. 8



Ons Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing – deel 2

- Ds Slabbert le Cornu

Lewensbeskouing in ons post-Christelike samelewing

Ons leef vandag in 'n toenemend post-Christelike samelewing. Soos in Paulus se tyd (Hand.17:16) is daar ook alhoemeer afgodsbeelde wat fisies, maar ook geestelik verrys. Party is trouens al eeue met ons; ander het veral die laaste paar dekades eers na vore getree. Die noodsaaklikheid van 'n ware Bybelgefundeerde skeppingsleer het opnuut van wesensbelang geraak vir sulke tydsomstandighede.

Wanneer 'n mens die samelewing van Paulus se lewenstyd, naamlik die Grieks-Romeinse samelewing, van nader ontleed, ontdek jy dat die volgende sake kenmerkend daarvan was:

- deur die invloed van Alexander die Grote, wat die destydse wêreld gehelleniseer² het, het die Romeinse Ryk 'n "global village" geword, vanweë die goeie pad- en seeroetes;
- brood en spele het die massas besig- en tevrede gehou, terwyl Rome sy totalitêre politieke mag oor die wêreld uitgebrei het;
- die Romeinse familiesisteem is geleidelik deur 'n individualisme vervang, wat feminisme en homoseksualisme in die hand gewerk het;
- politïesme is in die Romeinse ryk gehandhaaf (sinkretisme);
- keiserverering is algaande gevestig;
- die opkoms en verwelkoming van misterie-godsdienste in Rome (deur genoemde Alexander se eskapades na die Ooste, wat deur tweerigting-verkeer die brug,

waardeur die Oosterse godsdienste na die Weste teruggevoer is, gebou het); en

- die opkoms van godin-feministiese kultes.

Dit vra nie veel van 'n verbeelding om te besef dat daar niks nuuts onder die son is nie. Ons postmoderne samelewing bevat steeds dieselfde en selfs erger elemente as wat in die Grieks-Romeinse samelewing teenwoordig was. Vandag het ons ook nog met die volgende tendense te doen: die intergeloofsbeweging (bv. die Wêreldparlement van godsdienste, wat in 1999 in SA gehou is), feminisme, homoseksualisme, aborsie, die Jesus Seminar-beweging (deur o.a. die Nuwe Hervorming wat die afgelope paar jaar in SA opspraak verwek het), geboortebepanking, sielkundig-positiewe selfbeeld-bewegings, globalisme, ens.

Hierdie verskynsels hou almal op een of ander manier met die herlewing van die ou paganistiese godsdienste verband. Gedurende die afgelope 2 000 jaar is dit met gemengde welslae deur die voortgang van die Evangelie en die uitbreiding van die Westerse beskawing onderdruk. Nou, onder die dekmantel van die postmodernistiese demokrasie, menseregte en globalisme (met die slagpreuk: 'verdraagsaamheid!'), is dit besig om terug te keer. Dit vind plaas deur Westerse en Oosterse spiritualiteit met mekaar te versoen. Die Wêreldpalement van godsdienste van 1999, is alles deel van die beplanning om 'moeder aarde' (ook genoem die godin Gaia, Sophia, Isis, Lillith, ens.) van ondergang te red, want 'Sy' is die godin van die toekoms. Die mensdom moet van die patriargale lewensbeskouing, wat op die Bybel gebaseer was, bevry word. Dit behels primêr dat 'n patriargale God onttroon moet word. Hierdie 'manlike God' het vir 6 000 jaar sogenaamd die mens (veral die vrou) onderdruk en moet nou met 'n 'vroulike god' vervang word.

'n Nuwe soort rewolusie

Peter Jones skryf in sy baie belangrike boek, *Spirit Wars: Pagan Revival in*

Christian America, dat die Franse Rewolusie gedroom het van 'n Parys sonder 'n aristokrasie; die Russiese Rewolusie van die verdwyning van privateiensdom en die Nazi-rewolusie van 'n wêreld sonder 'inferior races'.

Die 20ste eeu het egter met die grootste rewolusie nog gekom, naamlik 'n wêreld sonder patriargie, 'n samelewing wat dus sonder die tradisionele gesinstruktuur klaarkom, om ten einde laaste op die langtermyn sonder 'God, die Vader', Skepper van hemel en aarde te moet wees (p.xi). Dit het alles ten doel dat die Christelike geloof en die Christelike lewens- en wêreldbeskouing wat daaruit vloei, probeer vernietig word.

Hierdie neo-paganistiese feministiese rewolusie dring in elke huis in, en is besig om seksualiteit, God, godsdienste en God se Woord te herdefinieer ... en dit is baie teoloë wat aan die voerpunt van hierdie rewolusie teen God en Sy kerk staan. In hierdie nuwe orde word alles omgedraai: goed word sleg, homoseksualisme word 'n aanvaarbare seksuele leefstyl, aborsies word geregverdig, evolusie vervang die skepping, God word deur die godin vervang, en die tradisionele gesin, word 'n bedreigde minderheidsstruktuur.

Hartseer genoeg, word baie Christene, baiekeer juis a.g.v. die gebrek aan die Christelike LWB, mislei en boonop ingespan om, wetend of onwetend, hierdie paganistiese rewolusie stilweg te bevorder, alles in die naam van die Bybel en die 'bevryding van die vrou'. Jones vra in sy boek trouens die vraag: "One may wonder if in our day, through the Christian-sounding notions of gender liberation and egalitarian rights for all, neo-Gnostic New Age Liberalism is succeeding doing the same in an equally unsuspecting twentieth century church." Hy haal ook die radikale feminis, Naomi Goldberg, aan wat sê: "The feminist movement in Western culture is engaged in the slow execution of Christ and Jahweh. Yet very few of the women and men now working for sexual

1 Spesifieke erkenning aan dr. Peter Jones se werke vir die ontleding van die Grieks-Romeinse samelewing in Paulus se tyd, in die besonder sy nuutste boek: *Capturing the Pagan Mind: Paul's Blueprint for Thinking and Living in the New Global Culture* (Nashville, TS: Broadman & Holman Publishers, 2003).

2 Verspreiding van die Griekse taal en kultuur.

Vervolg op bl. 8

Vervolg van bl. 7

equality within Christianity and Judaism realize the extent of their heresy." (*Spirit Wars*: ... p.195).

Vernietigende gevolge

Wanneer die baba (God se skeppingsordinasies en wet vir man en vrou se taak en rolle in die koninkryk van God) saam met die vuil badwater (misbruik en disrespek vir die vrou se essensiële plek in die koninkryk van God) uitgegooi word, dan gaan dit vernietigend wees vir die opkomende geslagte.

Mary Kassian, wys ook in haar werk, *The Feminist Gospel*, hoe baie vroue wat aanvanklik in die feministiese protesterende kamp begin het, geleidelik in die paganisme (heidense opvattinge en gebruike) ingegly het (p.309). Dit begin gewoonlik wanneer God se duidelike skeppingsordinasies en Sy wet, onder die dekmantel van die 'socio-historiese konteks', moet plek maak vir die post-moderne feministiese tydsgees. 'n Groeiende aantal teoloë lees die Bybel vandag deur humanisties-evolutionêre 'menseregte-brille' of 'feministiese brille'. Dit vind dan veral in samehang met die Nuwe Hervorming plaas, wat met hul 'nuwere kennis' (gnosis) aangaande Jesus en die Nuwe Testament kom. Hierdie mense het skielik baie 'nuwe' kennis oor die 'historiese Jesus' ontvang, wat in stryd is met dit wat die Evangelies ons bied. Jones verwys ook in sy boek na John Richard Neuhaus, wat beweer dat teologiese skole vandag van gnostiese dwalings deurtrek is, deurdat die "plain sense" van die Skrif nie meer

aanvaar word nie, maar dat daar 'n "higher knowledge" agter die woorde lê. Volgens Jones is een van die mees duidelike voorbeelde daarvan, die manier waarop Genesis 1-3 gedekonstrueer word (*Spirit Wars*: ... p.130).

Waar Calvyn geleer het dat ons God en onself moet ken, sodat ons Hom en ons naaste kan dien en liefhê ... is die credo van die neo-paganistiese humanistiese godsdiens – wat ook baiekeer in die kerk voorkom (bedek in humanistiese positiewe selfbeeld-bewegings, ens.): 'ken jousef' ... want jy is eintlik God. Die 'gnosis' wat jy mis is die wete dat jy wat self deel is van God, jousef, jou naaste en 'moeder aarde' kan red!

Die strategie wat vir die terugkeer na die neo-paganisme gevolg word, word soos volg deur Jones uiteengesit:

- 1) Filosofiese dekonstruksie moet tot die sogenaamde linkerbrein 'manlike' denke lei, wat met intuïsie en persoonlike smaak vervang word.
- 2) Radikale Nuwe Testament-studies moet Jesus rekonstrueer (Jesus Seminar) en in die plek daarvan Sophia stel as die model van 'n verdraagsame, politiek-korrekte, multikulturele, multiseksuele, feministies egalitariese samelewing, bevry van die wete van sonde, skuld en die Nuwe Testamentiese teologie van die Kruis.
- 3) Radikale godsdienstige feminisme aanbid die godin, Sophia, en verwerp daardeur alle ortodokse Christendom. Geleerdheid ('scho-

larship') en feminisme moet die gnostieke leringe laat herleef.

- 4) In lyn met bogenoemde, is New Age-denke hard besig om aan globale transformasie op grond van die herontdekking van die vroulike, regterbrein 'yin'- intuïsie van die Eeu van die Aquarius te werk.

Bogenoemde aspekte word dan histories in die ou gnostieke tekste, wat herontdek is, veranker, om vandag opnuut bestuur te word. Dit is die herlewing van die neo-gnostiek, wat as die intellektuele been van die neo-paganisme beskou kan word.

(Word vervolg)

- 3 Om meer te weet van hierdie nuwe godsdiens, nl. die neo-paganisme wat saam met die humanistiese postmodernisme die tydsgees van ons dag vorm, en die Westerse wêreld vorm, wil ek juis ter wille van 'n meer effektiewe toerusting in 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing die werke van Peter Jones (soos in die teks en onder voetnoot 1 vermeld), by u baie sterk aanbeveel. Sy boeke is Bybels, teologies, histories en wetenskaplik verantwoordbare werke oor die stryd tussen Christelike geloof en paganistiese monisme wat hom in die 21ste eeu uitwoed. Hy wys hoe die gnostiese dwalings van die vroeë kerk (in nuwe baadjies) weer besig is om vandag binne en buite die kerk, terug te keer. Hierdie boek is onmisbaar om die 'postmoderne tydsgees' van vandag te verstaan, sodat ons die simptome daarvan kan beveg met ons enigste wapen: die Woord van God deur die krag van die Heilige Gees. Die skrywer van die boek, dr. Peter Jones, is professor in Nuwe Testament, aan die *Westminster Theological Seminary*, Escondido, CA, VSA. Gaan besoek gerus ook sy webblad by: www.truthxchange.com. 

Vervolg van bl. 6

mekaar verskil. Gereformeerdes trek inderdaad die grens van sonde baie verder as charismate. Dit is een van die redes waarom charismate glo dat hulle self regverdig kan word, terwyl gereformeerdes glo dat Christus die enigste ware regverdige is, wat ook regverdig maak dié wat in Hom glo." Tot sover die skrywer.

Die boek, met die titel: *Charismate en gereformeerdes verskil oor die Bybel – Waaroor en waarom?*, is van die kantoor van die VCHO beskikbaar teen R160-00 per eksemplaar, posgeld ingesluit. - Red.



Evolasie in die lig van die Woord van God

Pieter H. Stoker, Skool vir Fisika, Potchefstroom

Evolasieverskynsel is 'n feit

Die hele wêreld is steeds besig om te verander. Rotse verweer, grond spoel weg, saad ontkiem en plante kom op om weer te verrot, diere word gebore, word groot en sterf, mense kom en gaan, skep kultuur en bepaal reëls vir ordelike samelewings. Hierdie veranderinge vind plaas sedert God die skepping na ses skeppingsdae voltooi het. Die strukture van menslike samelewings was toe nog nie gevorm nie, want daar was nog nie 'n gesin nie. Ook was daar toe nog nie 'n staat nie. Strukture van menslike samelewings en staatstrukture het eers later gevorm. Volkereverskeidenheid was ook nog nie daar nie. Ook 'n Jersey-koei was toe nog nie deel van die skepping nie. Die mens het variëteite voortbring deur beestelery en o.a. die Jersey-koei was die resultaat. Die menigvuldige honderasse was ook nie daar aan die einde van die sesde skeppingsdag nie.

Alles wat sedert die einde van die sesde skeppingsdag tot stand gekom het was reeds as moontlikhede in die skepping opgesluit. Die ontplooiing van hierdie potensiaal na voltooiing van die skepping word vergestalt in die evolusieverskynsel, wat deel vorm van God se Raadsplan waarvolgens Hy die skepping onderhou en bestier tot die volheid van die tye.

Almal, gelowiges en ongelowiges, wil die natuur leer ken en verstaan deur waarneming en eksperimentering. Dit word in die hede gedoen. Die mens wil egter ook weet waar alles vandaan kom, ook die wetmatighede, meesterlike strukture en funksionele prosesse in die natuur, asook waar hy/sy vandaan kom. Om hierdie vrae te beantwoord maak die mens sy kennis en wetenskaplike metodes van toepassing op die verlede.

Om die veranderinge wat voortdurend plaasvind, deur sy/haar wetenskap te beskryf en te verklaar, soek die mens na 'n vastigheid, 'n onveranderlikheid in die wêreld van veranderinge. Die fisiese wetenskapsdenke het dit vanaf die vroegste tye in wiskunde gevind, met afleidings wat vas en seker is.

Die wiskundige wêreld

Die Griekse wysgeer, Pithagoras, wat 6 eeue voor Christus geleef het, was oortuig dat ordelikheid in die heelal deur verhoudings van getalle bepaal word. Sy geloof in die rol van getalle in die natuur is versterk deur die rol van getalle in byvoorbeeld musiek. So word 'n oktaaf gekenmerk deur die verhouding 2:1 in toonhoogtes. Die woord rasioneel ("rasioneel") het sy oorsprong in Pithagoras se getalleleer, waarvolgens rasionele getalle (getalle deur verhoudings van heelgetalle soos $\frac{1}{2}$ of $\frac{3}{4}$ verkry) van heelgetalle onderskei word.

As ons in navolging van Pithagoras ons waarnemings aangaande die wêreld in terme van getalle beskryf, gaan ons van 'n onveranderlike basis uit. Getalle verander nie, want byvoorbeeld $5+7=12$ geld vir alle tye. Moderne fisika het daarom wiskunde as die basis vir die beskrywing van die veranderende natuur aanvaar. Wiskunde werk met getalle. Fisika verkry getalle deur eksperimentele metings. Wiskundige vergelykings beskryf dan meetresultate in terme van fisiese modelle. 'n Meting geskied in terme van een of ander standaardmaat. Tyd, byvoorbeeld, word in sekonde, minute, ure, dae of jare gemeet. Die duur van 'n jaar in terme van dae verander nie; 'n jaar is altyd (vir die huidige) 365,24 dae. Lengtes word weer in terme van millimeter, meter of kilometer gemeet; die afstand tussen twee punte op die aardbol, bv., verander (vir die huidige) nie in terme van kilometer nie; en so meer.

Plato se Ideëleer/ metafisika

Gedurende die eerste vier eeue van Griekse kultuur (~600 tot 200 v.C.) was die wêreld waarin ons leef en wat ons met ons sintuie waarneem, vir die Griekse wysgere die werklikheid wat verstaan moet word. Hierdie werklikheid wat vol lewe en veranderlikheid is en met sintuie waargeneem word, is aanvanklik materialisties beskryf. Plato (427-347 v.C.) het benewens hierdie materialistiese bena-

dering ook 'n nie-materialistiese beskouing in sy filosofie ontwikkel, nl. dat ware kennis meer is as die werklikheid wat ons sien.

Vir Plato was die ware werklikheid geleë in 'n wêreld buite die sintuiglike waarneming, in 'n wêreld van volmaakte abstrakte Idees of Vorme. Sy Ideë-wêreld was geleë in wiskundige verbande en vaste meetkundige strukture en vorme, wat nie sintuiglik waargeneem kan word nie, 'n wêreld wat slegs deur ons verstand geken kan word. Die wêreld wat ons deur sintuiglike waarnemings ervaar was vir hom 'n wêreld in wording ("of becoming"), 'n verbygaande wêreld (Davies, 1992:35).

Aristoteles (384-322 v.C.), 'n student van Plato, het nie Plato se Ideë-wêreld aanvaar nie. Hy het sy teorie van beweging op alledaagse ervaring gebou, byvoorbeeld dat 'n kar op 'n horisontale pad gaan staan as ons dit nie bly stoot nie. Aristoteles se teorieë het 'n werklike wêreld beskryf waar beweging tot rus kom (Percy & Thaxton, 1994:128). Galileo (1564-1642) het, daarenteen, wetenskap van alledaagse waarnemings losgemaak deur wiskundige beredenerings deel van wetenskap te maak.

Galileo het die Aristoteliaanse wetenskap omvorm deur uit te gaan van verstandelike abstraksies. Sy teorieë het nie beweging van werklike voorwerpe wat ons uit ervaring ken, beskryf nie, maar van denkbeeldige meetkundige voorwerpe, voorwerpe met volmaakte vorme (bv. 'n sfeer of 'n punt) wat langs volmaakte bane op vlakke beweeg sonder wrywing, lugweerstand en atmosferiese druk. Hy het sodoende die fisiese wetenskappe geïdealiseer tot 'n Pithagoras-Platoniese Ideëleer.

Hierdie nuwe denke van Galileo is deur Newton (1642-1727) aanvaar, onder andere in die formulering van sy drie bewegingswette en swaartekragwet. Sy grootste werk bevestig die basiese plek van wiskunde in sy fisika deur die titel: *Mathematical principles of natural philosophy*.

Vervolg op bl. 10

Vervolg van bl. 9

Na Galileo se ontdekking van die isochronie (gelykduurigheid) van die slingerklok het tyd 'n fundamentele meetbare grootheid geword. Dit is daardie tyd, die tyd van ons horlosies, waarvolgens elkeen van ons vandag leef. Hierdie abstrakte tyd, tyd wat ons uit die fisiese werklikheid onttrek het, het Newton 'n wiskundige parameter in sy bewegingsvergelykings gemaak. Newton het sodoende horlosietyd na die heelal uitgebrei deur planetebeweging in terme van horlosietyd te beskryf. Gevolglik kan ons vandag met presiese noukeurigheid byvoorbeeld die tydstippe waarop die vier mane van Jupiter agter die planeet verdwyn, voorspel, asook tydstippe van sons- en maansverduisterings.

Horlosietyd het ook deel van geologie en kosmologie geword. Gevolglik word geologiese en kosmologiese strukture en gebeurtenisse vandag fisies-wiskundig beskryf in terme van horlosietyd, wat lineêr met 'n konstante tempo na die verre verlede en onvoorsienbare toekoms uitstrek. Die resultaat is ouderdomme tot duisende-miljoene jare, ouderdomme wat vir ons 'n werklikheid is net soos horlosietyd vir ons 'n lewenswerklikheid is. Hierdie werklikheid is egter in Plato se Ideeëler gesetel en kan nie as ware kennis aanvaar word nie. Dit is geïdealiseerde kennis en geen reële feite nie.

Voorkoms van lewe

In die oudste gesteentes op aarde word fossiele van mikrobes (Archaea en bakterieë) gevind, wat beteken dat hierdie mikrobes geleef het toe die eerste gesteentes sowat 3800 miljoen jaar gelede gevorm is (volgens horlosietyd wat lineêr terug verleng is). Hierdie mikroskopiese organismes was die enigste lewe op aarde vir sowat 84% van die geologiese tyd toe 550 miljoen jaar gelede gedurende die Kambriese Tydperk ewe skielik oor 'n relatief kort periode van 10 miljoen jaar makro-organismes met al die bouforme (films) van diere, wat ons vandag ken, verskyn het. Sedertdien het geen nuwe filum verskyn nie. Al die diere wat hulle verskyning toe gemaak het, het tot vandag onveranderd gebly.

Sedert Darwin het evolusioniste na 'n fossielepad gesoek waarlangs die mens

vanaf elementêre soogdiere kon ontwikkel het. Volgens die paleontologie het die eerste 'aapmens' (*Homo habilis*) sowat 2 miljoen jaar gelede op aarde verskyn, daarna *Homo erectus*, toe *Homo sapiens* (waaronder die Neandertal) en laastens, sowat 10 000 jaar gelede die *Homo sapiens sapiens*. Oorgangsmateriaal van die een na die ander word nie gevind nie, ook nie in DNS nie. Uit wetenskaplike publikasies blyk dit dat die evolusie van die mens uit die dier nie deur feitelike materiaal onderskraag word nie, maar deur menings van individuele paleontoloë gedra word.

Daar is wel oortuigende argeologiese materiaal vir die bestaan en kultuuraktiwiteite van die intelligente mens, die *Homo sapiens sapiens*, wat as graan- en veeboere vir opbrengste gesorg het, waauit handel en nywerhede sedert 9 000 - 10 000 v.C. ontwikkel het. Die jongste navorsingsresultate begin al hoe meer daarop dui dat die vorige drie groepe, die *H. habilis*, *H. erectus* en *H. sapiens*, ook gewone mense met spraak en kulturele aktiwiteite kon gewees het. Die evolusioniste sal egter nie maklik afsien van hulle geloof in geleidelike ontwikkeling oor miljoene jare vanaf die dier na die mens nie.

Strukturele eenheid van die heelal

Ons melkwegstelsel (galaksie) met sy miljarde sterre vorm 'n strukturele eenheid vanaf die binnenste kerngebied met sy neutron-steraktiwiteite, wat die spiraalarms voed met plasmawind en magneetvelde, tot die buitenste sterre. Die onderlinge koppeling van al die sterre geskied deur gravitasie-, magnetiese en elektriese velde en plasmawinde, wat ook medebepalend is vir die vorm en aard van die heliosfeer, die son se invloedssfeer, waarbinne die aarde in sy baan beweeg. Ons melkwegstelsel as strukturele eenheid is weer – volgens ons huidige insigte – fisies gekoppel, eerstens met ons galaksiegroep, en dié weer met supergroepe, almal deur gravitasie, magnetiese en elektriese velde.

Ons kennis van die heelal is nog baie onvolledig, maar dit kan tog tot 'n redelike mate van sekerheid gesê word dat as die heelal stukkie vir stukkie opgebou was, die heelal eers sy funksionele een-

heid sou verkry het nadat al die dele daar was. Die heelal kon deur bonatuurlike handeling van God tot 'n geheel geskape gewees het, wat, soos die Bybel dit weergee, in die vierde skeppingsdag voltooi is, of dit kon oor duisende miljoene jare vanaf die oerknal gevorm gewees het volgens die wetenskap.

Kennis van God

Die primêre doel van God se Woord is nie om aan ons te vertel hoe die natuur werk nie. Waarom sou God aan ons dinge openbaar as ons dit self kon uitvind, byvoorbeeld deur die natuurwetenskaplike metode?

God wil deur sy Woord aan ons inligting van dinge gee wat ons nie op 'n ander wyse kan bekom nie, soos dat God alles geskep het, dat God man en vrou na sy Beeld geskep het, dat die mens in sonde verval het, dat God na die sondvloed sy verbond met die mens hernu het, dat die mens deur Christus se lyding en kruisiging met God versoen is, en dat die verlore mens op grond van die opstanding en hemelvaart van Christus die hoop het op 'n nuwe verheerlikte lewe na Christus se wederkoms en herskepping van hemel en aarde. Hierdie eenmalige gebeurtenisse kan nie deur die natuurwetenskaplike metode ontdek word nie. Dit lê op die vlak van die geloof.

Die reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing vir natuurwetenskaplike ondersoek sluit hierby, asook Calvyn se eerste vraag in sy Kategismus aan: "Wat is die vernaamste doel van die menslike lewe?" Sy antwoord: "Om kennis te verkry van God, wat ons geskep het." Hierdie kennis van God word in die eerste artikel van die *Nederlandse Geloofsbelijdenis* opgesom: "God is ewig, onbegryplik, on sienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die aller oervloedigste fontein van alles wat goed is." Deur alles wat ons met behulp van die natuurwetenskaplike metode van God se skepping ontdek, leer ons God ken as 'n Skepper, wat elke ding kunstig en met oorleg ontwerp het, en dat elke ding, ook die verskillende manifestasies van tyd in die

Vervolg op bl. 11

Vervolg van bl. 10

skepping, aan Sy doel moet beantwoord. Die mens is maar 'n klein stippeltjie in 'n enorme groot heelal.


Met die lewe en kultuur van die mens in die Skrif gefundeer, stel die reformatoriese belydenis op 'n kragtige wyse die Christelike beskouing teenoor dié van ongeloof en van wêreldse (sekulêre) beskouing met betrekking tot die betekenis van lewe, asook die oorsprong en doel van alles wat bestaan, insluitend die mensdom en sy poging om sonder God sy eie heil uit te werk.

Bronne


Buskes, J.J. s.a. *De catechismus van Calvin* (1545). Baarn: Bosch en Keuning.
 Davies, Paul. 1987. *The cosmic blueprint*. London: Penguin Books.
 Davies, Paul. 1992. *The mind of God*, London: Penguin Books.
 Davies, Paul. 1995. *About time*. London: Penguin Books.
 Kauffman, Stuart A. 1995. *At home in the universe, A search for laws of self-organization and complexity*. Oxford University Press.
 Percy, N.R., & C.B. Thaxton. 1994. *The soul of science – Christian faith and natural philo-*

sophy. Wheaton, Illinois: Crossway Books.
 Stoker, P.H. 2004. Skepping en evolusie – 'n Filosofiese besinning oor tyd, ruimte en materie. In: Ad Fontes, Reds E.A. de Beer en V.E. d'Assonville, *Acta Theologica Supplementum 5*: 292-317. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
 Stoker, P.H. 2006. Christian ethics and the concept of creation. *Philosophia Reformata* 71: 132-144
 Stoker, P.H. 2006. Besinning oor die aard van die fisiese werklikheid. *Koers* 71(1): 1-16.
 Stoker, P.H. 2009. Wat is tyd? *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 44: 89-113.


The Creation-Flood-Babel Model of Origins Conference




Dr. Bouke Bokma (BScOVBs) is a dentist in private practice and has an avid interest in creation and dinosaurs. He has presented talks and lectures to various age groups ranging from pre-school to University. He has participated in one creation evolution debate at the Origins Centre University of the Witwatersrand. He is the organizer of the conference.




Dr. Danny Faulkner (PhD) holds the rank of professor at the University of South Carolina Lenoir (USCL). He has been at this institution for 25 years. He is the Chair of the Division of Math, Science, Nursing, and Public Health. His main astronomical research is in the field of edging binary stars. His PhD is in astronomy from Indiana University. Danny has authored numerous scientific articles in both the secular and Christian literature. He is the editor of many articles and books as well as author of *Universe by Design*.



Dr. Hennie Mouton has a PhD in control Systems Engineering and a BSc in Applied Mathematics and Astronomy. He has worked for 35 years on the development of missile systems at one company, currently called Denel Dynamics. He developed a computer simulation language SIMUL_C, win that a still being expanded today even after initial development about 30 years ago. This simulation tool and its previous versions were used to develop most of the missile seeker heads and many of the missile fir sensors in South Africa over the past 25 years. He is author of four books on the creation-evolution topic and frequently speaks at churches, camps and schools.



Mr. Kees van der Westhuyzen is an engineer with an interest in everything which touches on creation. He has a B(Eng) and B(Eng) Hons in electronic engineering and a M(Eng) degree in bio-engineering. He works as a research engineer in electro-optics. Work completed for his masters degree included research on the human eye.



Anne Habermehl (BSc) is an independent creationist writer, researcher, and scholar. She graduated from the University of Waterloo in Waterloo, Ontario, Canada, and holds a B.Sc. in chemistry. She has authored creationist papers on The Tower of Babel, Neanderthals, and the search for Noah's Ark, and edited and published her husband's book, *God Has Spoken But What Has He Said? A Coherent Guide to Interpreting the Bible for Yourself*. She runs her own online business from her home in Corland, New York.

A Creation Conference designed for the Church with the following objectives :

- To encourage Christians to believe the Word as it is written from the very first verse.
- Equip the Saints to be able to defend the Word
- Inform the Body of the science, archaeology, and other disciplines that testify to the truth of the Word.
- To motivate Believers to study science and theology with in a Biblical world view.

Conference Lecture series:

Introduction and notices.

Lecture 1. On overview of the Creation-Flood-Babel model of Origins. – Dr. Bouke Bokma.

Lecture 2. Cosmology of the universe and our solar system. – Dr. Danny Faulkner.

Lecture 3. The created order and fallen chaos. – Dr. Hennie Mouton.

Lecture 4. Noah's Flood, its effects and aftermath. – Mr. Kees van der Westhuyzen MSc.

Lecture 5. The Tower of Babel, the origin of cultures and languages. – Mrs. Anne Habermehl BSc.

Lecture 6. Dinosaurs, DNA and other difficult questions. – Dr. Danny Faulkner.

Lecture 7. Humanity – Roots in the Neanderthals? – Mrs. Anne Habermehl BSc.

Closing note.

Venue: Northcliff Union Church Hall, (Cnr Dawn Dr & Pendering Rd Northcliff)
Date: Saturday 21st May 2011.
Time: 7:30 am to 6pm.

Cost: R200.00 per person.

Lunch and teas will be served.

Pre-registration is essential for catering purposes. Please fax your contact details together with proof of payment using to the conference organiser. Details provided below.

Closing date: 4th May 2011.
Seating is limited.

Contact details:
 Conference organiser: Dr. B. Bokma.
 Telephone no. (w) 011-4761759
 Cell (w) 0823446278
 Fax no. 0866925067
 Email. bbokma@global.co.za

Banking details: Acc. Name: B. Bokma
 Standard Bank Northcliff
 Acc no 201710838.

Praat-saam geleentede

Ons vestig graag lede en belanghebbendes se aandag daarop dat daar vir Meimaand praat-saam geleentede oor die onderwys beplan word. Die doel daarvan is om 'n oorskou oor die opvoeding en onderwys te neem, bestekopname te doen en veral ouers die geleentheid te gee om hulle opinies en standpunte daar te kom stel. Die gedagte is dat kundiges die leiding in gesprekke oor 'n aantal onderwerpe sal neem, waarna daar geleentheid vir deelname sal wees.

Belangstellendes word nou reeds gevra om die geleentede soos wat binnekort bekendgemaak sal word d.m.v. koerante en die radio ten baat te neem. Daar is belangrike kwessies, sover dit opvoeding en onderwys in 'n snel-veranderende omgewing betref, wat bespreek moet word. Ouers se betekenisvolle bydrae as primêre opvoeders tot hulle kinders se totale geestelike volwassenheid word erken. Daarom kan so 'n beoogde gesprek nie plaasvind sonder ouerdeelname nie.

Praat-saam geleentede word vir die volgende sentra in die vooruitsig gestel: Bloemfontein, Potchefstroom, Vaaldriehoek en Pretoria.

Hiermee word dus 'n vriendelike uitnodiging aan ouers en belangstellendes gerig, om te kom saampraat oor die toekoms van ons/hulle kinders. Hulle is ons kosbaarste 'belegging', omdat wat ons in hulle belang hier en nou gee van ewighedsbetekenis is en sal wees.

Ons vra dat u asb. u plaaslike koerante sal dophou vir verdere besonderhede.

Etnisiteit herbedink

- Hugo Hayes

Kaapstadse verbinten

'n Insiggewende nuusberig is, dat tydens 'n onlangse Kaapstadse byeenkoms, daar 'n verklaring opgestel is, waarin diversiteit gehandhaaf word (*Volksblad* van 29 Jan. 2011). Die strekking is dat etniese verskeidenheid 'n gawe van God is, wat tot in die hiernamaals gaan voortduur. Die opstel daarvan volg op die Lausanne-kongres oor wêreld-evangelisasie wat verlede jaar in Kaapstad plaasgevind het. Evangeliese Christene vanoor die wêreld het deelgeneem, en tot hierdie oortuiging gekom. Die verklaring staan as die *Kaapstadse verbinten* bekend. Dat etniese verskeidenheid vanweë die mens se sonde skeefgetrek is/ word, word erken. Insgelyks word verklaar dat etnisiteit in die volgende bedeling (hiernamaals) sal voortbestaan, wanneer verlore mense **uit alle nasies** voor God's troon sal staan. Die beklemtoon ook **die kerk se rol in etniese versoening** en dat Christene se etniese identiteit altyd aan hulle nuwe identiteit in Christus ondergeskik sal wees.

Betreffende hierdie verklaring, is die erkenning van die volkeverskeidenheid opsigself belangrik. Dit alleen kan as 'n deurbraak gesien kan word. Die verskynsel van onderskeie volke is 'n kosmologiese werklikheid, wat deur enige onbevange waarnemer raakgesien behoort te word (die stamwoord, *ethnos* in Grieks, beteken 'volk'). Waarop die aandag egter eerder gevestig wil word, is dat vir die eerste keer 'volkeverskeidenheid' internasionaal in die evangeliese Christelike eukumene (hierna eCe) as 'n **durende gawe van Goddelike oorsprong gehuldig word**. Verder ook dat die uitwerking van die sonde in die behartiging van die Godsgawe erken word, met verwysing na spesifieke gebeure, soos die Joodse volksmoord *inter alia*. Uiteraard kan nie met alles wat onder hierdie kategorie (noem dit dan "misdrywe teen die mensdom") vermeld word, saam-

gestem word nie. Maar dat die **sondegevolge as oorsaak van sekere tragiese gebeure** in die volke-geskiedenis aangetoon kan word, is nie weg te redeneer nie. Objektiviteit en realisme ontbreek nogtans opvallend, wat 'n groot jammerte is. As voorbeeld, die verswyging van die skreiende onreg wat die Afrikanervolk vanweë die Tweede Vryheidsoorlog (konsentrasie-kampe, ens.) aangedoen is.

Volkeverskeidenheid regmatig

Ons Christelik-gereformeerde beskouing verklaar die **volkeverskeidenheid as 'n God-gewilde verordening**. Dit is op Bybelse uitsprake oor die owerhede en volke/ nasies gegrond, soos trouens in ons belydenisskrif verwoord. Geheel nuwe perspektiewe op die vraagstukke van staatkunde, volke en die behoud en uitbouing van kultuur-eiendommikheide is daardeur geopen, danksy die Reformasie. Dit is 'n eerste stap op pad na 'n verantwoorde *ethnos*-begrip. Vir ons heersende tydsomstandighede is die kennis hiervan van kritieke belang. Die tweede behels die erkenning van die sondeval en, histories gesien, die gevolge daarvan vir volke die wêreldoor. **Die sonde setel nie in die strewe na eie onafhanklike en selfstandige volke nie**. Dit skuil wel in verkeerde motiewe, wat van 'n nie-Christelike staat- en volkekunde getuig. So kan, vir die doel hiervan, imperialisme as een so 'n motief uitgesonder word. Ons moet begryp dat die Sataniese aanslag op die Goddelike volksordening nie agterweë sou bly nie. Ons Afrikanervolk se eie strewe om as onafhanklike en vrye volk te bestaan, sou in die loop van die geskiedenis deeglik hiermee te kampe kry. Ons verneem dit uit die geskiedenis reeds van so vroeg as die begin van die 19de eeu, met opklimmende intensiteit teen die einde daarvan, wat op die Vryheidsoorloë uitgeloop het.

Die Kaapstadse erkenning van etnisiteit hou daarom 'n baie belangrike boodskap vir ons tyd in. Dit is 'n groot stap om die Bybelse perspektief weer onder aandag te bring, al ontbreek daar veel aan 'n konsekwente deurtrek daarvan. Indien aan etnisiteit die betekenis van 'n Godsgawe verleen word, kan daarmee nie fout gevind word nie. Maar die waarde van so 'n verklaring moet eers werklike Bybelse diepgang vind, alvorens dit vir dwingende eietydse omstandighede bruikbaar en relevant kan wees. Word die standpunt ingeneem dat etnisiteit as 'n gawe van God beskou moet word, het dit duidelike implikasies. Die volk(e) vir wie die Godsgawe bedoel is, moet bemagtig word om dit hulle eie te kan maak. 'n Gawe het geen waarde, indien die ontvangers daarvan nie in 'n posisie gestel is/ word om dit te kan toe-eien en daaruit voordeel te trek nie. Die verklaring moet in die lig hiervan van naderby bekyk word. By die nagaan van die opgawe oor etniese onderdrukking in die verklaring, blyk daaruit weer die ou geykte scenario: slawehandel, apartheid, die Palestyne ... Van die feit dat daar heersend spesifieke gevalle van doelbewuste onderdrukking van etnisiteit gepleeg word, word geen melding gemaak nie. Dit geld sekere dele van die wêreld, maar veral ook Suidelike Afrika, waarvan ons maar terdee bewus is. 'n Mens sou veel meer hieroor in 'n verklaring soos hierdie wou sien.

Wat gevolglik benodig word is 'n veel groter begrip en sensitiwiteit vir die hantering van eiesoortige volksbelange in verskillende dele van die wêreld, maar ook in Suid-Afrika. Voordat dit op hierdie wyse hanteer kan word, sal tot die punt gekom moet word waar die reg van volke om aan hulle besondere etnisiteit uitdrukking te mag gee, erken word. Voorwaardes ter bereiking hiervan, sal in ag geneem moet word. Dié wat in hierdie

Vervolg op bl. 13

verband vermelding verdien, handel oor die erkenning van volke kragtens hulle identiteite, godsdiens, taal en kultuureiendomme, grondgebied, en die vryheid om hulself te wees en oor hulself te regeer. Die implikasie is dat **volke in eie reg toegelaat word om as afsonderlike volke te kan bestaan, en as sodanig erken te word.** Die vraag is of die *Kaapstadse verbintenis* bereid sal wees om die voorgaande in die oog te sien en hulle verklaring dienooreenkomstig uit te brei. Sal die verbintenis die moed en openheid aan die dag kan lê om die versweë onregte wat daar in resente tye teenoor volke in Suidelike Afrika en elders in die wêreld gepleeg word, wat tot hulle onderdrukking meewerk, aan die kaak te stel? Opsienbare verklarings soos hierdie moet beduidende relevansie vir ons tydsomstandighede inhou, anders sal dit slegs mooi formuleringe bly, wat vir geaffekteerde volke van weinige betekenis wees. Die bevinding van die eCe is dus van groot betekenis, maar daar is nog baie Bybelstudie wat gedoen moet word.

Christelike staatsleer en volkekunde

'n Kernaspek waaraan gevolglik aandag gegee moet word is, of vanuit die Christelike staat- en volkekunde, 'n antwoord op die vraagstuk van regeermag, oorheersing en magsvergryp gebied kan word. Dit hou eerstens met die plek, roeping en taak van die owerheid verband. Om hierop 'n antwoord te kan gee, moet die uitsprake oor die oorsprong en aard van mag en gesag en die roeping en taak van die owerheid in die Woord van God ondersoek word. Dáár stel ons sonder enige twyfel vas dat alle mag in absolute sin in God-Drieëinig setel en aan Hom alleen behoort:

Joh. 19:11 "Jesus antwoord: U sou geen mag teen my hê as dit u nie van bo gegee was nie."

Mat 28:18 "En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: 'Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde'."

Rom. 13:1 "... want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel."

Niemand kan dus vir hom-/ hulself mag toe-eien wat nie deur God gewil word nie. Om die waarheid te sê, geen mag kan deur enigiemand uitgeoefen word, sonder die toelating van God nie. Bekleërs van regeerampte is daartoe geregtig enkel kragtens die grasia deur God self verleen. So sal alle maghebbers dan ook moet insien dat die mag waaroor hulle beskik, nie in hulleself setel nie, maar verleende mag is, wat as sodanig uitgeoefen moet word. Dit is mag wat herroep of teruggeneem kan word. Mag kan onder geen omstandighede van die Goddelike oorsprong daarvan ontsetel word nie. Niemand beskik oor enige mag in persoon nie, maar wel in amp. Dit spreek vanself dat iemand wat 'n regeeramp beklee ook die mag wat daarmee saamhang, verkry. Dit sou egter nooit as outonome mag hanteer kan word, sonder uiters nadelige gevolg nie. Die feit dat magsoorskryding onder regeerders voorkom, wat die oorsprong daarvan nie reg begryp, of nie wil erken nie, lei daartoe dat daar vorme van mag ontstaan wat nie volgens die wil van God is nie. 'n Bekende vorm hiervan is dié van diktator en tiran, waar die mag in daardie situasies buitengewone proporsies aanneem. Diktature is daarvoor berug dat hulle onbepaalde/ ongebreidelde mag uitoefen, soos in die geval van Hitler, Mussolini en Stalin. Aan die begin van die 21ste eeu kan hierdie lys aansienlik uitgebrei word, met resente toevoeginge. Wat dit betref, is Afrika beslis nie te verskoon nie. Sedert die eerste skryf van hierdie bydraetjie het die verhouding owerheid-onderdaan nog baie meer aktueel geword vanweë onlangse wêreldgebeure.

Dit is nie dat die Bybel die opneem van enige amp ontmoedig nie; intendeel. In 1 Tim 3:1 staan daar: "...as iemand na 'n opsiensamp verlang, begeer hy 'n voortrefflike werk". Dit is die bedoeling van die Here dat onder die mense daar dié sal wees wat in ampte

staan waar hulle met sekere mag beklee word. Dit geld ook hulle wat die hoogste ampte beklee, naamlik om as regerings oor volke te ageer. **Om as regerings met mag beklee te wees, is dus nie in stryd met die Bybel nie.** Regerings moet egter daarmee rekening hou dat dit slegs verleende mag uit die hand van God is. Die uitoefening daarvan wat in magsoorskryding en -vergrype van water aard ookal ontaard, is sonde teen die heilige bedoeling van God. Gevolglik moet die mag waarmee regerings beklee is op getemperde wyse deur hulle uitgeoefen word. Gewoonlik word na die mag van die staat as die 'swaardmag' verwys. Tog moet dit reg verstaan word. Onordelikhed onder die mense moet beteuel word, waartoe die staat geroepe is om op te tree. Maar in positiewe sin, is daar ook 'n groot seën in die verhouding onderdaan teenoor owerheid, en andersom, opgesluit, wanneer God se opdrag in sy Woord deur beide partye gehoorsaam word. Dit gebeur wanneer die owerheid se gesag om as dienaar van God te kan optree eerbiedig, en van die staat se kant billik, regverdig en onpartydig na die belange van die onderdaan omgesien word. Daar is geweldig baie in die volgende uitspraak opgesluit: **"Hy is 'n dienaar van God jou ten goede"** (Rom.13:4). Waar so regeer word dat dit onderdaan in staat stel om in art 36-omstandighede (NGb) te kan lewe en werk, hou dit voorwaar groot seën vir die bevolking van so 'n land in.

Burgerskap en die owerheid

In tydsomstandighede waar dit aan die orde van die dag is dat daar in identifiseerbare lande groot onrus en tweespalt heers, wat tot die ontwrigting en dood van mense lei, begin die waarde van 'n regering wat volgens die eise van God's Woord regeer, meteens weer nuwe betekenis kry. Dan begin so 'n geteisterde volk weer begryp waarom daar 'n Bybelse uitspraak oor die owerheid gemaak word, op grond waarvan die reformatoriese belydenis oor die owerheid

Vervolg op bl. 14

geformuleer is, wat al so lank staan. Dit is nie bloot 'n teoretiese oefening in woordkuns nie, maar so konkreet as die werklikheid self. Dit beklemtoon die noodsaak van verantwoordelike burgerskap, **waardeur seker gemaak moet word dat regerings wat hulle aan die verordening van God gebonde hou, tot stand gebring moet word.** Die leer oor die Christelike owerheid en burgerskap, wat oor soveel eeue heen deel van ons gereformeerde belydenis en opvatting was, kry dan opeens weer nuwe betekenis. Te meer so wanneer in die wetenskappe van die staatsleer en volkekunde (etnologie) ten nouste hierby aangesluit word, tot verchristeliking van die wetenskap en die samelewing.

Die onderhawige verklaring behoort dus met die Christelike belydenis oor die regte en magte van die staat en van volke opgevolg te word, deur die Bybelse lig duidelik en helder daarop te laat val. Bes moontlik kan wat nou nog net 'n verbintenis van die eCe is, oorgaan in die eeue-oue belydenis oor die Bybelse roeping en taak van die owerheid. Daarmee saam sou 'n dringende oproep tot die internasionale gemeenskap, dat dit hoogtyd geword het dat toegesien moet word dat praktiese beslag daaraan gegee word, die trefkrag van so 'n belydenis dermate versterk.

Onderdrukking en vervolging

Die onderdrukking en vervolging van mense is so oud soos die geskiedenis van die mensdom. Selfs in tye en omstandighede waar ons nog nie met gedifferensieerde samelewings te doen het nie, het owerhede dit as hulle taak gesien om meestal met 'n ysterhand te regeer. In daardie vroeë geskiedenis was dit egter nie deur verantwoordelike demokratiese prosesse dat hulle tot stand gekom het nie, maar selfaan-gestelde owerhede wat deur troonopvolging aan bewind gebly het. Dit is goed te begrype wanneer daar op die vrees wat daar vir konings en ander maghebbers onder onderdane geheers het, gelet word. 'n Mens sou onderdane

en owerhede van daardie tyd egter kon verskoon, omdat hulle nog nie oor Rom. 13 beskik het nie. Desondanks vind ons Godvresende konings wat met die besef van hulle verantwoordelikheid teenoor Hom regeer het. Die Rom. 13-aanwysing van die roeping en taak van die owerhede is egter ver van die oudmodiese model van onderdrukking en vervolging verwyder. Dit veronderstel 'n owerheid wat regeer met die volle besef van die feit dat hulle hul mag en gesag aan God ontleen, en as sy dienaars daargestel word. Dit laat geen ruimte meer vir die verskynsels van magsvergrype en persoonlike verryking nie.

Die Bybel, Rom. 13:1-7:

“Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is is deur God ingestel,

sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan sal hulle oordeel ontvang.

Want die owerhede is geen voorwerp van vrees by die goeie dade nie, maar by die slegte. Maar wil jy die mag nie vrees nie, doen wat goed is en jy sal lof van hom ontvang.

Want hy is 'n dienaar van God jou ten goede. Maar as jy kwaad doen vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen te straf.”

...
Ook Tit . 3:1; 1 Petr. 2:13-14 ens.

Nederlandse geloofsbelydenis, art. 36:

“Ons glo dat onse goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag, konings, vorste en owerhede verorden het, omdat dit sy wil is dat die wêreld geregeer moet word deur wette en regeringe.

... sodat die Here hulle mag bestuur in al hulle weë *en ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid.*”

Die Protestantse staatsbeskouing en verset

Ons eie publikasie wat oor hierdie belangrike onderwerp handel het reeds in 2009 verskyn. Die ontwikkeling van die Protestantse staatsbeskouing oor etlike dekades heen, soos wat onderskeie reformatoriese denkers hulle bydraes daartoe gemaak het, is toenemend 'n uiters aktuele onderwerp vir ons tyd. Die noodsaak dat aan hierdie gefundeerde staatsbeskouing beslag gegee sou word, is veral deur die staatsregtelike optrede wat in Europa op die intrede van die Reformasie gevolg het, aangevuur. Daar is dit, desondanks, met tirannieke optrede begroet, ten spyte daarvan dat reformatore soos Calvyn e.a. alles moontlik gedoen het om die monargieë van die suiwer Bybelse uitgangspunt te oortuig. Die versteuring van die Ou Orde, wat boonop deur die Rooms-Katolisisme begunstig was, sou nie deur hulle geduld word nie. Dit het monarge en kerklui nie gepas dat hulle vestings, as gevolg van die Bybels-reformatoriese beskouinge oor staat en kerk, in die gedrang gekom het nie.

Die publikasie behandel die ontwikkeling van die reformatoriese denke oor die staat, wat 'n sistematiese aanloop tot die opstel van die onderskeie belydenisse daarvoor bevat. Vir die mens van die 21ste eeu is dit belangrik om die historiese omstandighede wat tot die formulering van artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* aanleiding gegee het, grondig te ken. Die rede daarvoor is, sodat 'n Skriftuurlike belydenis oor die roeping en taak van die owerheid met oortuiging gebied kan word, teenoor rewolusionêre tendense. Die boek se waarde is daarin geleë dat dit die Bybelse beskouing oor die staat, wat tot 'n waardige lewe van godsvrug lei, konkreet as die enigste werkbare oplossing voorhou. Sonder die erkenning van die Christelike grondslag van die owerheid en staat in die moderne tyd dreig die toestande wat ons tans ook in ons land beleef om in anargie en rewolusie te ontaard. Die boek wat 98 bladsye beslaan en 'n rykdom illustratiewe materiaal bevat, kan teen R55-00 posgeld ingesluit, van die kantoor bekom word.

- Red.

UV-leuse

Seker dié grootste ontnugtering nog aan die UV in onlangse jare uit die oogpunt van die alma mater gesien, is die onverwagte verandering van die leuse, *In Deo saphientiae lux*. Die skrywe op bl. 17 vertolk veel van die volslae ontnugtering waarmee dié besluit baie oud-Kovsies gelaat het. Die wyse waarop dit só sonder wye raadpleging plaasgevind het, asof dit 'n besluit is wat sonder veel oorleg geneem kan word, is die één kwessie wat die meeste kwelvrae laat ontstaan. Sommerso, sonder slag of stoot, sonder dat sorgvuldige oorweging aan die implikasies daarvan gegee word, word dié skielike besluit net op 'n dag geneem. Tereg kom die briefskrywer se vrae op die volgende hoofsaak neer: deur wie en op grond waarvan is die besluit geneem?

Die antwoord wat deur die UV se kantoor vir strategiese kommunikasie gegee word, bring geen helderheid nie; intendeel dit maak die wolk van omstredeheid net soveel groter: *Die instelling moet herposisioneer word, ten einde in pas te wees met die institusionele visie van 'n demokratiese inklusiewe en getransformeerde samelewing. Die handelsmerk moet kenmerkend wees van die relevante en getransformeerde institusionele beeld.*

'n Groot, maar onoortuigende verduideliking om 'n ingrypende besluit, wat onvoorsiene implikasies vir die UV inhou, te rasionaliseer. Die vroeë verwysing na God in die leuse dien nie langer die oogmerke nie, vanweë die institusionele paradigmaskuif waartoe veranderde onderwys- en opleidingsbeleid die besluitnemers aan die eens gevierde Universiteit van die Vrystaat gebring het. Daar is oorwegings van demokratiese en transformasionele belang wat klaarblyklik maak dat die verwysing na God-Drieëinig 'n steen des aanstoots geword het – weg met sy Naam is gelyk aan weg met Hom. Die naam van God is nie langer vir die oogmerke van die UV bevorderlik nie. Ons moderne gedemokratiseerde en transformerende gemeenskap duld nie die eens gevestigde oortuiging dat geen kennis sonder God

tot ware wysheid kan bring nie. Daar is die skynbaar nuttegevonde waarheid, maar sonder God, onder aandrang van prosesse wat die gemeenskap – ook dié van die UV-kampus tot in die hart daarvan raak.

'Demokrasie' en 'transformasie', die nuwe towerformules vir die nuwe Suid-Afrika het religieuse implikasies waardeur ons deur dié besluit aan die alternatiewe werklikheid herinner word. Die belydenis en oortuiging wat oor dekades heen op die waarheid dat God-Drieëinig in die sentrum van ons lewens – ook die akademiese lewe – staan, kan onmoontlik nie deur hierdie twee begrippe geduld word nie, is die noodwendige afleiding waartoe geraak word. Deur middel van 'n skokbesluit word ons daartoe gebring om te leer dat daar 'n ander 'waarheid' is wat deur die besluitnemers aangehang word as dié waaraan hierdie universiteit oor dekades heen gebonde geag was. Hierdie 'ander waarheid' het sonder twyfel, in die lig (duisternis?) en as gevolg van veranderde opleidings- en onderwysbeleid, van groter betekenis as God self geword. Ongedefinieerde waarheid kan enigiets wees en daarbinne kan enigiets geakkommodeer word. Die waarheid van God is nie langer begrondend en rigtinggewend, ten minste wat die besluitnemers betref nie, moet 'n mens aanvaar.

Die mees onverklaarbare van alles is egter die besluitnemers se keuse vir die begrip 'waarheid' in die plek van die Godsnaam. Moet 'n mens daaruit aflei dat wat vantevore as Absoluut bely is sover dit die verliggende Waarheid (Joh.1:9) betref, deur institusionele beleid en visie ongedaan gemaak word. Kan daar 'n waarheid in hierdie wêreld wees wat groter is as die Waarheid wat in God alleen gevind word? Dit, terwyl ons weet dat die Waarheid van God enige waarheid wat daar onder die mense mag bestaan in heerlijkheid oortref. Ook dat waarheid, ongeag of dit dié van 'n grootse akademiese instelling is of nie, slegs in en deur die Lig wat aan ons geopenbaar is en word, geken kan word. Sonder die Lig van hierdie Waarheid kan geen wysheid moontlik wees

nie. Die Bybel maak dit op meer as een plek duidelik, in besonder ook Psalm 12 onder die opskrif "Leuens heers onder die mense; God is waarheid":⁷ Die woorde van die Here is rein woorde, silwer wat gelouter is in 'n smeltkroes in die aarde, gesuiwer sewe maal.⁸ U, o Here sal hulle bewaar; U sal ons bewaar van hierdie geslag vir ewig." Indien die besluitnemers moontlik kon dink dat ongedefinieerde waarheid 'n geskikte substituuat vir die **Allerwaarheid** sou kon wees, sal dit die grootste denkfout wees wat aan enige universiteit gemaak kan word.

'n Laaste saak wat in beperkte ruimte aangeroei moet word is die vraag betreffende die bepaalde tradisie van wetenskap wat sedert die tweede helfte van die vorige eeu aan die UV tot stand gebring is. Elkeen wat maar iets van die UV se wording en latere groei weet, sal erkentlik moet wees, wat die soort wetenskap betref, wat aan die UV gevestig geraak het. Daar was nog altyd die beginsel wat met opgevoedheid verband hou, dat wat voorgangers deur moeitevolle en volhardende wetenskaplike werk oor jare heen tot stand gebring het, deur opvolgers eerbiedig en in stand sal word. Die wetenskaplike werk aan die UV het daarvoor bekendgeword dat dit in die tradisie van die Christelike wetenskapsbeskouing staan, gerig deur die leuse soos vroeër (1ste par.) aangehaal. Hierdie oortuiging het die soort wetenskap wat aan die UV bedryf was gekenmerk. Die opgevoede gees sal dáárteenoor 'n houding van eerbied en erkentlikheid openbaar, deur self die tradisie hoog te hou en verder uit te bou, eerder as 'n onbedagsame besluit daaroor te neem. Dit is daarom vreemd dat die meerderheid dosente, lektore en studente wat God-Drieëinig aan die UV-kampus bely en deur hul denkwêrk wil vereer, met 'n pennestreek deur die Naam van alle name in die ongelyk gestel word. Die vraag dring hom op: hoe op aarde kan so 'n ondemokratiese besluit op so 'n ondeurdagte wyse geneem en op sulke onoortuigende gronde gebaseer word?

Vervolg op bl. 16

In die finale instansie so wil dit voorkom, moet die antwoord op hierdie **vreemde besluit**, in die opmerking van die rektor (*Rapport*-artikel) gesoek word, naamlik **dat die aard van 'n universiteit nie religieuse grondmotiewe** kan akkommodeer nie. Dit klink na 'n baie akademiese antwoord, maar bring die dilemma wat onder die nuwe grondwetlike bedeling vir universiteite geskep is na die voorgrond. Dit is die Christelike-religieuse grondmotief wat die universiteit vir dekades op die Goddelike waarheidspad begelei het, wat uit die weg geruim moet word. Dit klink so voor-die-handliggend. Religieuse grondmotiewe is nie vir universiteite bedoel nie. Maar is dit so eenvoudig? Oorgenoeg bewyse is deur die onderwysfilosofiese wetenskap opgestapel dat geen onderwysinstelling sonder

religieuse grondmotiewe funksioneer nie. Een pennestreek kan geen grondmotief van watter aard ookal ophef nie, maar dit openbaar die besluitnemers se riskante (roekelose) ingesteldheid dat van een beproefde grondmotief na 'n ander beweeg wil word. En daardie nuwe grondmotief wat tans net as 'waarheid' getipeer word kan enigiets insluit wat in enige gegewe stadium as dienstig en in belang van die besluitnemers se oorwegings beskou word. Dit verteenwoordig die keuse-verskuiwing weg van Bybelse sekerheid na ongedefinieerde waarheid, d.w.s. nihilisme¹, soos deur die begrippe 'demokrasie' en 'transformasie' in die heersende bedeling voortgedra.

¹ Nihilisme = ontkenning van al die bestaande; verwerping van sisteme; vernietiging van die gevestigde.

Die bydraes oor onderskeidelik ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing, asook onderwys en die regering elders in hierdie uitgawe, bied noodsaaklike insigte in die beoordeling van die besluit oor die leuse. Ongetwyfeld word baie vrae oor die motivering vir so 'n ongehoorde besluit, uit die oogpunt van die alma mater gevra. Daaruit kan die algemeen-geldende gevolgtrekking gemaak word dat dit in die finale instansie oor die keuse-posisie handel, wat ten aansien van 'n lewensbeskouing of ideologie ingeneem word. In die lig van voorgaande ontstaan die volgende vraag betreffende die UV-besluitneming: het die neo-paganisme as religieuse grondmotief die Christelike verdring, ten einde politieke ideologiese oorweging aan die Universiteit ten diens te wees?

- Red.

Staan op teen aborsie

Vertaal en verkort uit die verklaring van Elie Wiesel

In Bloemfontein word vir etlike jare reeds 'n doelgerigte anti-aborsie-veldtog (aav) gevoer onder leiding van gerespekteerde Christen-gelowige dokters. In 'n onlangse verklaring word die dringende oproep van Elie Wiesel, wat die Joodse uitwissing oorleef het, onder aandag gebring. Hy is daarvan oortuig dat aborsie vandag alle ander aanslae op menselewens soos aan ons bekend, oortref in grusaamheid. Wiesel is een van meer lede van die aav wat onder hierdie allesoortreffende menseslagting besluit het om die stryd teen aborsie tot verdere dimensies te neem. Hy motiveer sy besluit soos volg: Aborsie ter keuse is vandag verreweg die grootste gruwel op aarde. Die rede waarom mense hulle nie teen aborsie beywer nie, is omdat ongebore babas weerloos, klein, stil en uit die oog is en deur sommige as van mindere belang gereken word.

Die huidige geslag staan, volgens Wiesel, daaraan skuldig dat hulle hierdie euwel duld en nie daarteen in verzet kom nie. Die feit dat aborsie in ons land toegelaat en uitgevoer word is 'n simptome van wat grens aan totale ongeloof, immoraliteit ens., onder sekere leiers en in ons samelewing. Kerke en gelowiges behoort aborsie met hulle lewens teen te

gestaan het, toe dit gewettig was. In Matt 25: 40 lees ons: "Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes ..., het julle dit aan my gedoen". Wiesel glo dat die Here Jesus se dood selfs deur aborsie veroorsaak word, benewens dat elkeen van ons se sonde Hom verwond en vermoor het. Wat die slagoffer van aborsie die meeste seermaak is nie die onmenslike prosedures nie, maar die wreedheid van dié wat onaangeraak verbystap, veroorsaak die meeste pyn.

Wiesel gaan voort deur te stel dat die eerste wat gedoen moet word is dat mense hieroor in diepe ootmoed voor die Here moet kom. Hulle moet hul skuld bely en hulleself hieroor verneder met ware berou en die beweëning van hulle sonde. Daar moet om vergifnis en genade gesmeek word vir hierdie enorme bloedskulde op ons samelewing wat tot die verwonding van die Here Jesus meegewerk het. Daarvandaan moet opgestaan en in belang van geregtigheid opgetree word.

Wiesel het die daad by die woord gevoeg deur op 1 Maart 'n hongerstaking/vastydperk voor die Nasionale Hospitaal in Bloemfontein uit te roep, uit protes teen die vermoording van ongeborenes. Hy doen dit ook uit empatie en mee-

lewing met die slagoffers van aborsie en uit apologie en restitusie vir en van die intense pyn en lyding en dood in ons samelewing wat ook deur deur my eie sonde van stilswye, apatie, traagheid om op te tree veroorsaak word. Wiesel vra dat alle gelowiges hulle meeleving moet toon deur aan hierdie protesstaking op die een of ander manier deel te neem, maar dat hulle aktief daaraan moet meedoen. Alle gelowiges moet in passiewe verzet kom deur by aborsieklinieke hulle by versetoptredes te skaar en selfs deur elke bietjie van hulle vryetyd daarvoor af te staan.

Verder is daar die daaglikse gebed, smeking en die deel van Gods Woord en sy wil by aborsieklinieke of plekke waar staatsgesondheid gelewer word. Wanneer dit ookal moontlik sal wees, of dit 06:00 voor werk is, gedurende die middagete of teen 18:00 na werk, deelname word gevra. Dit sluit in die daaglikse openlike aanroeping en belydenis van die Here Jesus, ter herinnering aan sy eie en die ongebore babas se gebreekte liggeme en verspilde bloed, vanweë publieke swye en versuim. Ook word gevra dat daar elke Woensdag twee ure langer as gewoonlik gebed sal word.

Vervolg op bl. 18

Verduidelikings vir nuwe UV-leuse laat vrae ontstaan

SO stilweg het ons nog 'n veldslag verloor. Die leuse van die Universiteit van die Vrystaat, naamlik *In God is die lig van wysheid*, is ingevolge 'n besluit van die senaat en die raad verander na *In waarheid is die lig van wysheid*.

Klaarblyklik is weinig teenstand gebied. 'n Paar ontstelde korrespondente van *Volksblad* en 'n omsendbrief van die FAK is skynbaar die enigste getuie dat die besluit nie alerweë verwelkom word nie.

Kanada as voorbeeld

Dit was so anders in Kanada. 'n Skoolhoof van die Belleisle Elementary School het besluit dat die Naam van God in Kanada se volkslied vir sommige ouers en kinders aanstoot gee en dus verwyder moet word. Die reaksie van Kanadese was oorweldigend in protes teen dié besluit. Sommige korrespondente het kras woorde en persoonlike opmerkings gebruik om hul misnoë te kenne te gee. Verrassend genoeg het selfs ateïste geskryf dat hulle geen beswaar teen die naam van God in die volkslied het nie. Baie skrywers wou weet waarom die besware van 'n klein minderheid sonder meer aanvaar is.

Vrae aan die UV

Dit laat 'n mens oor die UV-besluit wonder.

- Wie het die voortou geneem in die proses om die leuse te verander?
- Was daar 'n groot aantal besware teen die Naam van God in die leuse wat tot die verandering aanleiding gegee het?

'n Inligtingstuk van die UV se kantoor vir strategiese kommunikasie beskryf die aanleiding tot die verandering soos volg: "Die proses het in Mei 2010 begin om sodoende die instelling te herposisioneer sodat dit in pas is met die institusionele en Suid-Afrikaanse visie van 'n demokratiese, inklusiewe en getransformeerde samelewing. Ons wou ook 'n kenmerkende handelsmerk ontwikkel wat 'n relevante en getransformeerde institusionele beeld kan uitdra." Uit dié verklaring blyk baie duidelik dat daar geen eksterne druk was om die leuse te verander nie!

Demografiese werklikheid

Dit is ironies dat die regering en die universiteitsowerheid baie na-

DIE verduidelikings vir die verwydering van God se Naam uit die leuse van die Universiteit van die Vrystaat is teenstrydig en bring talle vrae mee, skryf PROF. JOHAN JANSE VAN RENSBURG, emeritus-UV-professor.



UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YITHIVELITHI YA FREYSTAAT

UV-LEUSE. Die oue (links) en die nuwe.

Afrika" sonder dat dit teen 'n demokratiese, inklusiewe en getransformeerde samelewing indruis?

- Hoe kan die Naam van God uit die leuse verwyder word, maar aan die einde van elke gradeplegtigheid word die volkslied, waarin die Naam van God voorkom, gesing?
- Waarom sien die regerende party geen diskrepansie tussen die Naam van God in die volkslied en die beginsel van godsdiensvryheid nie?

Dit is juis interessant hoeveel lande van die wêreld die Naam van God in hul volkslied behou, selfs waar die samelewing nie juis die wil van God reflekteer nie! Kanada (*God keep our land, Glorious and Free*), Nieu-Seeland (*God defend New Zealand*), Engeland (*God save the queen*), Nederland (waarin die regering van God in Nederland in etlike strofes besing word), Ghana (*God bless our homeland*), is maar enkele voorbeelde.

Amerika se volkslied (laaste vers) lui betekenisvol soos volg: "Then conquer we must, when our cause it is just, and this be our motto: 'In God is our trust!'"

- As dié lande op sportgebied teen ons deelneem en hul volksliedere word gesing, moet die beswaardes teen die Naam van God dan ook gelyk gegee word dat dit onvanpas is en aanstoot gee?

'n Poging tot kompromie

Die rektor dui in sy *Rapport*-arti-

skil heftig van mekaar oor wat die waarheid is en selfs in die teologiese wetenskap word onsekerheid aangeprys. En wysheid? Dis tog iets anders as kennis?

Universiteite se wetenskapsbeoefening stuur tog af op kennis terwyl die Bybel uitdruklik sê dat die begin van wysheid die kennis van God is. Terug by God maar sonder God?

Morele grein

Natuurlik is daar die stemme wat redeneer dat dié wat waarde aan die Naam van God heg, in hul kerke kan aanbid, maar dit is nie die punt nie.

Elke instansie, ook universiteite, het tog 'n morele grein wat die akademiese karakter moet rig. So sing die universiteitslied van die vorming van "skoon gedagte, Hier spier en gees en hart gevorm, Tot ideaal van voorgeslagte, om trou te staan deur stryd en storm".

Dit is dié morele grein wat ook in die volkslied van ons land veronderstel word.

- Was, dit nie hierdie geloofsperspektief wat Suid-Afrika help bou het tot 'n trotse nasie nie?
- En dit geld nie net Die Voortrekkers of die Afrikaners nie. Sal die ANC toestem dat die naam van God uit ons volkslied verwyder word?
- Het hulle nie ook die hulp van God gesoek in die Vryheidstryd nie?
- Gee die Naam van God aanstoot? Nie vir die aeskatte 70% Christene

truk plaas op die bevolkingsamestelling van die land in die bepaling van die persentasie van studente en personeel uit agtergeblewe gemeenskappe wat deel van die universiteit moet wees. Tóg is die besluit om die Naam van God uit die leuse te verwyder, geneem sonder om die demografiese feit te verreken dat meer as 70% van die land se bevolking hulself as Christene beskou. Die gevolg is dat die beweerde "ongemak" met die Naam van God onder 'n klein persentasie swaarder weeg as die tevredenheid van die meerderheid wat nooit enige beswaar gehad het nie.

Die X-faktor

Waarvandaan kom dan dié skielike besluit om die Naam van God uit die leuse van die Universiteit van die Vrystaat te verwyder? Die UV wou met 'n demokratiese, inklusiewe en getransformeerde samelewing in pas kom, luidens die inligtingstuk. Dit het beteken dat die leuse by die grondwetlike beginsel van vryheid van godsdienis moes inpas.

As dit die geval is, val die besluit van die universiteit juis vreemd op die oor, immers, het ons volkslied die Naam van God behou ondanks die beginsel van godsdienisvryheid! ■ Hoe kan die Naam van God in die leuse van die UV aanstoot gee, maar ons sing al sedert 1994: "God seën

kel aan dat die aard van 'n universiteit nie religieuse grondmotiewe kan akkommodeer nie. Tóg het die Christelike inslag van besluitnemers daartoe gelei dat die woord "wysheid" in die plek van die woord "God" geplaas is, onder voorwendsel dat die woorde "Lig" en "wysheid" Bybelse begrippe is wat die geestelike tradisie van die universiteit voortsit.

■ As dit die bedoeling is, waarom moes die Naam van God dan verwyder word?

■ Hoe kan die Naam van God onaanvaarbaar wees, maar dit word dan met die Bybelse beginsels van waarheid en lig vervang?

Dit verteenwoordig dan juis die religieuse grondmotiewe wat deur die rektor verwerp word!

Verandering of verbetering?

Is die verandering van die leuse enigszins 'n verbetering? "In waarheid is die Lig van Wysheid", lui die leuse nou. Maar na watter waarheid word hier verwys? Ek veronderstel die waarheid van die wetenskap. Maar dan is dit 'n positivistiese vertrekpunt wat lank reeds deur Popper en ander filosofe agterhaal is!

Uit 'n postmoderne paradigma wat by talle wetenskappe 'n rol speel, is waarheid juis nie vas en seker nie, maar relatief. Wetenskaplikes ver-

nie; ook nie vir die ANC wat *Nkosi Sikelel iAfrika* byna 100 jaar as vryheidslied gesing het nie.

■ Hoe kan die Naam van God deel van die trotse erfenis van 'n land en die morele grein van 'n volk wees, maar dit word 'n aanstoot in die leuse van 'n universiteit?

Sekularisme

Moet ons nie maar erken dat die sekularisasie van ons Suid-Afrikaanse samelewing net nog 'n verdere siklus van vervreemding van God en Sy gebod ingelui het nie? Wanneer God só radikaal uitgerangeer word dat die Naam van God sonder meer uit 'n universiteit se leuse verwyder word, is dit 'n simptoom van 'n dieperliggende motivering om die Christelike geloof in ons samelewing te relativer. Die rektor beskou dit as sinlose gevegte oor die gebruik van Christus se naam in die simbole van openbare universiteite en meen dat ons op dié wyse ons heilige geloof ondermyn. Só 'n standpunt verteenwoordig 'n bepaalde filosofiese vertrekpunt oor die verband tussen geloof en samelewing, maar dit is nie die enigste nie. In Numeri 6:27 belowe God dat Hy die volk sal seën as sy Naam oor hulle uitgeroep word.

■ Prof. Johan Janse van Rensburg is 'n emeritus-professor van die UV se fakulteit teologie.

Vervolg van bl. 16

Wiesel verklaar vervolgens:

"Fellow believers, the murder of the unborn and my life is now publically made the churches' responsibility. Your true faith, love and care for Jesus will now be exposed. If your **church leaders do not confess their great guilt regarding abortions and repent and if they do not lead by example to join in this resistance against abortion, deal with them quickly as in Matt. 18 and then treat them as heathens.** If they do not leave your congregation, then you leave them and join all those repentant pilgrims at the abortion sites. Call on God there according to 2 Chron. 7:14 and gather according to 1 Cor. 14. Let those speak who speak the mind and will of God and not those who speak to please their hearers and who seek their money or who speak on ground of their learning, qualifications, positions, status or appointments."

Die voorgaande is 'n sterk oproep wat deur die aav gedoen word. Elke Christengelowige het sekerlik die verant-

woordelike om oor gepaste optredes te besluit. Skakel- en adresbesonderhede waarheen bydraes en boodskappe gestuur kan word is die volgende: Faan Oosthuizen, sel nr 083 265 9395 en sdoosthuizen@xsinet.co.za. Vir bydraes wat na "Facebook" gaan is dit: Faan Oosthuizen of Free State Pro Life Network.

Tereg verklaar die Bybel (Joh. 8:44) dat die Satan 'n mensemoordenaar van die begin af is. Dink maar aan die moorde waarvan ons ook in die Bybel verneem: Hebreeuse seuntjies wat in die tyd van Moses onder die farao vermoor was; Haman wat die massamoord op die Jode in die tyd van Ester beplan; daarna weer die Joodse seuntjies in die tyd van Herodus, ten einde die goddelike heilsplan te probeer verongeluk, en uiteindelik die aanslag deur die draak wat op die kind van die vrou gemaak word, waarvan ons in Openbaring 12 lees. Dit is wel die Satan wat agter al hierdie moordplanne sit, maar weë diegene wat hulle daarby inlaat om dit ten uitvoer te bring.



Die boek, *Brave new schools* deur Berit Kjos, gee 'n indringende kyk in die moderne onderwys van kinders. Die skrywer toon die nuwe tendense aan: Kinders word voorberei om deel van die globale gemeenskap te word; mites, gevoel en inbeelding het feite, logika en geskiedenis in klaskamers begin verdring. Sy verskaf die Bybelgefundeerde antwoorde. Dis 'n boek vir ouers. Die eerste leser wat die boek wil bekom, kan dit teen korting teen 'n prys van slegs R110-00, posgeld ingesluit, aankoop.

Was, en is, ONDERWYS op die regering van die dag se spyskaart?

- Ds. Connie Bester

Ek is van mening dat die pendulum in ons onderwysgesprek baie eensydig gelade is, wat 'n windskewe gesprek tot gevolg het. Ek vind dit uiters moeilik om, gesien die afgelope vyftien jaar se onderwys-“prestasies”, te glo dat die regering werklik ONDERWYS wil bedryf!

Dit sal goed wees – en ek meen dit is al lank agterstallig – om ons Christelike opvoedkundiges te hóór oor daardie tien of twintig vereistes vir ware ONDERWYS wat in die onderwyspraktyk van ons beleid-makers skynbaar beskou word as van min, of negeerbare, waarde!

Vertrekpunt:

Minister Bhengu het in een van sy beleids-brosjures van 1994/95 reeds swart op wit verklaar dat sy Departement van Onderwys se basiese uitgangspunt sou wees om sogenaamde “social engineering” deur te voer in die onderwysstelsel. Hierdie beleidsverklaring is sedertdien nog nie gewysig of teruggetrek nie. Die onderwyspraktyk toon dan ook duidelik aan dat hierdie doel 'n baie belangrike voorkeur van die regering van die dag uitmaak.

Metodiek:

Die groot dringendheid waarmee die funksionele stelsel van die voorgangers vernietig moes word het genoodsaak dat daar

deur oorhaastige optredes baie, baie babas saam met die badwater uitgegooi is. Ondermeer “moes” die gewraakte resultaatgerigte onderwys in plek gestel word.

Dit was wesenlik net 'n fyner en meer omskrewe formalisering van die “social engineering” wat vroeër in die spel geplaas is.

Momentum toevoeging:

Minister Kader Asmal het 'n paar monumente nagelaat tydens sy ampstermyn. Nie die geringste hiervan nie, was sy sluiting van onderwyskolleges en die verskuiwing van hulle funksies na universiteite toe. Enige noulettende koerantleser sou al oor die afgelope jare bewyse kon sien van die tragiese verlies aan toepaslike en voldoende toegeruste onderwysers.

Die moontlikheid kan ons nooit uitsluit dat ook hierdie optrede 'n beplande voortsetting van die Marxisties-verklaarde beleid van die regering is nie.

Lesers sal ook nog onthou dat hierdie minister baie moeite gedoen het om die voormalige dissiplinêre stelsel en die leerkuultuur af te kraak en uit te faseer omdat dit, volgens hom, die groot remskoene sou wees van die “nuwe verligtheid” van die regering.

Vyfde kolonniers:

Terwyl die Marxiste reguit koers gehou

het met hulle beoogde ideaal (terloops, wie is tans die betrokke Departement se leiers?; tersiër ensomeer?) het baie van ons bekwame opvoedkundiges hulle teruggetrek saam met die drie apies wat nie kon hoor, sien of praat nie!

Nog erger, baie van hulle het die volk nog meer verwar deur 'n voorspraak te word vir “politieke korrektheid”. Die koerswysiging moes dan toegeskryf word aan “dommigheid” of “onhandigheid” of die een of ander soort eufemistiese pleging!

Sulke mense sal hulleself maar moet verantwoord oor die verlies van twee geslagte leerders (so het prof. J.J. Pienaar reeds teen die negentigerjare gewaarsku) van alle nasies en kulture in ons land.

Lees, skryf en reken:

Wie, ons? 'n Wêreldstandaard is willens en wetens afgebreek, omdat 'n politieke ideologie gedien moet word. Jy kan die kommunistiese aksies uitvoer nie – maar sekerlik is dit gepas om die liberalistiese “useful stooges” wat voorgee dat hulle Christene is, nou prontuit te daag om aan te toon waarom ons ons mense op hierdie (te) laat stadium nie moet leer dat hulle die werklike vyande van die onderwys in die RSA was ... en nog steeds is nie. 

Een van ons lede, mnr Hendrik van Rensburg van Somerset-Wes, skryf soos volg:

Ek was geskok om in die Desember-uitgawe van *Roeping en Riglyne* te lees wat Paul Colditz oor die Hoërskool op Newcastle geskryf het, veral omdat ek van 1943 tot 1945 die skool bygewoon het.

Ek kan dus sy oproep tot ouerdeelname aan die onderwys heelhartig ondersteun. Die deelname van gelowiges moet egter verder as net die onderwys strek. Op die gebied van die godsdiens het dit ook van die allergrootste belang geword. Wat in kerke aan die gebeur is met die aftakeling van die gesag en betroubaarheid van die Woord, die invoer van vreemde leerstellinge onder

die invloed van die *New Age* en onder die denkmantel van postmodernisme, is skokkend. Ek glo dat die geweldige belangstelling in die evolusiehipotese tot 'n groot mate ten grondslag van al die onskriftuurlike valshede lê.

Daarom is dit nodig dat gelowiges op elke terrein van die lewe – die onderwys, die wetenskap, die kerk, die maatskappy – as getuies vir die Here Jesus Christus moet optree. Ons land, waar afgodery, onsedelikheid en wetteloosheid hoogty vier, moet hoor van die Koning wat die oorwinning met Sy dood en opstanding behaal het.

Baie dankie vir *Roeping en Riglyne* wat die boodskap duidelik laat hoor. En groete aan ds. Connie Bester.



Kyk ook berig regs op bl. 14

Ons lesers sou gesien het dat die aandag in hierdie uitgawe op verskeie publikasies gevestig word. Daar is sommige wat in voorraad by die kantoor beskikbaar is, en waarvan die pryse aangedui word. By andere word geen pryse vermeld nie. In laasgenoemde geval is dit boeke wat nie in die kantoor se voorraad beskikbaar is nie. Indien van ons lesers egter sou belangstel om van dié boeke te bekom, is u welkom om met ons daaroor te skakel. Ons sal dan met die uitgewers/ verskaffers onderhandel oor die verkryging daarvan.

Boeke in die kinderreeks

Drie boeke in die kinderreeks onder die tema "Erwe vir ons kinders", is 'n versameling van besondere waarde, waaruit inspirasie met die oog op ons tydomstandighede geput kan word. Die drie handel onderskeidelik oor heldepersoonlikhede uit ons volksverlede, uit wie se lewens daar telkens 'n kragtige boodskap van geloof en heldemoed spreek. Die boeke is boonop op 'n bevatlike wyse

geskrywe, sodat ook jonger lesers dit goed sal kan verstaan en waardeer. Daar is 'n rykdom van illustratiewe bywerk gedoen, wat die historiese vertelling van gebeure aanskoulik voorstel. Dit dra veel daartoe by om die leser na die leefwêreld van die gekose volkshelde te verplaas. Die skrywers is Marianda & A.W.G. Raath. Die volgende drie boeke in die reeks is tans steeds beskikbaar:

Ons volksleiers 1 – *Pres. Paul Kruger*;
Kinderhelde 1 – *Japie Greyling*;
Volksmartelare 1 – *Die dood van twee jong Kaapse rebelle*.

Die boeke in A5-formaat is van die kantoor beskikbaar teen R60-00 plus posgeld per titel, of R180-00 vir drie in enige samestelling, posgeld ingesluit.

- Red



Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C. Bester
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath,
Prof D.F.M. Strauss.



Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad:
<http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voor-
sitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom,
Ondervoorsitter), Ds S. le Cornu (Carl-
tonville), Ds G. van Heerden (De Deur),
Ds R. Bain (Potchefstroom), Prof I.H.
Horn (Pretoria), Ds G. Opperman
(Brits), Dr H.G. Stoker (Pretoria), Prof
E.J. van Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H. Hefer
(Brakpan), F.A. van Deventer (Pretoria),
Prof J.A.E. Adendorff (Germiston),
ds J.J. Viljoen (Pretoria), en dr
A.L.A. Buys (Pretoria).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes